VOORWOORD

∝ Hierdie boek is geskryf met die spesifieke doel om in Bellville gebruik te word. In die gedeeltes oor die dienste van die ouderlinge en die diakens is spesifiek die gebruike en gewoontes van die Gereformeerde Kerk Bellville in gedagte gehou.

Mag die Here elkeen seën wat hierdie boekie gebruik, sodat hierdie boekie 'n hulpmiddel mag wees vir die leser om God waarlik lief te hê. Mag u deur die boekie ook die Gereformeerde leer leer ken.

Thinus du Plessis
Bellville 2003.

INHOUDSOPGAWE

AMPSTOELIGTING

1. Inleiding 1

2. Die Diakenamp 1 6
Inleiding 6
Instelling van die Diakenamp 7
Taak en terrein 8
Beeld van Christus 8
Doel van Diakonale Versorging 9
Wie behoort Almal onder Diakonale Sorg? 10
Diakenamp in Koninkryksperspektief 10
Verhouding Kerkraad - Diaken 11
Voorgestelde verkorte Formulier 12

3. Die Diakenamp 2 13
Hoe werk die Diaken? 13
Enkele praktiese Riglyne: Vergaderings van Diakens 13
Beplanning 13
Spesiale Gevalle 14
Wyksverslae 14
Huisbesoek 15
Spesiale Besoeke 16
Die Funksie van die Diakens by Eredienste 17
Die Konsistoriegebed 18

4. Ouderlinge en Diakens 19
Kerkordeartikels ter sake 19
Praktiese gebruike in die Kerkraad: 20
Onderlinge Sensuur 20

	Tug oor Ampsdraers	24
	Konsistoriegebruike:	26
	Registers van Bywoning	26
	Registers van Preke	27
	Registers van Bandpreke	27
	Registers van Kollekte Ingesamel	28
	Attestate	28
5.	Die Ouderlingamp 1	30
	Die Ouderlingamp	30
	Inleiding	30
	Gesindheid waarin hierdie Roeping oorweeg en uitgevoer word	31
	Wat u kan doen om beter vir u Amp toegerus te word.	33
	Appèlprosedure	33
	Wanneer 'n ouderling bevestig word	35
	Die Pligte van 'n Ouderling	35
6.	Die Ouderlingamp 2	37
	Die Ouderling in Aksie	37
	Huisbesoek	38
	Verslag aan Ouderlinge	41
	Hoe moet die Gemeente die Ouderling help	42
	Toepaslike Skrifgedeeltes vir Besoeke	43
	Die Kern van die Gesprek	56
	Die Weduwee	56

INLEIDING

1. DIE KERKORDE VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

1.1 Inleiding

Voordat daar oor die verskillende ampte gepraat kan word, is dit eers nodig om na die Kerkorde toe te gaan. Elke ouderling en diaken is gebind deur ordereëls waarvolgens hulle hulle dienste moet beoefen. Hierdie ordereëls raak al die praktiese reëlings wat daar in die Gereformeerde kerke is, soos byvoorbeeld hoe ouderlinge en diakens verkies word; hoe 'n dominee beroep en versorg word; wat op kerklike vergaderings behandel word en ook hoe dit behandel word, ens.

Hierdie ordereëls is nie maar sommer ligtelik deur mense vasgestel om te probeer om 'n redelike goeie gang aan kerklike sake te gee nie. Al die beginsels in die Kerkorde kom uit die Bybel uit.

2. BEGINSELS IN DIE KERKORDE

Die Kerkorde gaan uit van die volgende beginsels:

- Daar is net een Hoof van die Kerk en dit is Jesus Christus.
- Die kerk bestaan uit mense wat van die skepping af tot met die wederkoms deur Jesus Christus met sy Woord en Gees bewaar en beskerm word.
- In die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika word die presbiteriale kerkregeringstelsel gebruik. Dit beteken dat daar van die beginsel uitgegaan word dat elke plaaslike kerk 'n sigbare en selfstandige openbaring van die liggaam van Christus is. Dit beteken egter nie dat elke kerk independisties kan bestaan nie. Al die Gereformeerde Kerke word deur kerkverband aan mekaar verbind. Hulle besluit dus saam oor gemeenskaplike sake in meerdere vergaderings. In elke plaaslike kerk oefen die Here Jesus sy regering uit deur die ouderlinge. Dit is waar die woord "presbiteriaal" vandaan kom: die Griekse woord "presbiter" beteken "ouderling".

In beginsel kom dit daarop neer dat alle besluite wat 'n kerkraad of enige meerdere vergadering mag neem, deur God se Woord gereël moet word.

3. INDELING VAN DIE KERKORDE

Elke ouderling en diaken behoort die kerkorde te ken, want daarsonder kan hulle kwalik enige diens aan die kerk lewer. Die kerkorde bevat 'n hele aantal sake van die grootste belang. Dit is almal dinge wat nodig is om die kerk behoorlik te kan regeer en om die dienste reg te laat funksioneer. Om dit maklik te maak vir ouderlinge/diakens om sake op te spoor waaroor daar reeds besluite bestaan, word die sake wat in elke artikel van die Kerkorde voorkom, in die onderstaande lysie kernagtig beskryf. Die volgende sake kan in die Kerkorde opgespoor word:

3.1 Die Dienste in die Kerk

In ons algemene praattaal praat ons van Ampte. Daar is egter nie 'n woord soos amp in die Bybel nie. Die Griekse woord wat gebruik word, beteken "diens/dienste".

In die Kerkorde kan hieroor gegewens gevind word van artikel 1 - 28.

Artikel 1 - Die orde in die Kerk
Artikel 2 - Die vier dienste
Artikel 3 - Wie preek en bedien sakramente
Artikel 4 - Eksaminering van proponente
Artikel 5 - Beroeping van 'n predikant
Artikel 6 - Predikant aan kerkorde onderworpe
Artikel 7 - Predikant aan sy gemeente verbind
Artikel 8 - Besondere gawes
Artikel 9 - Toelating van predikers uit ander gelowe
Artikel 10 - Losmaking van predikante
Artikel 11 - Versorging van predikante
Artikel 12 - Predikant gaan oor tot ander staat
Artikel 13 - Emeritering
Artikel 14 - Siekte/onbekwaamheid van predikant
Artikel 15 - Rondprekery
Artikel 16 - Inhoud van predikantswerk
Artikel 17 - Werksverdeling: twee/meer predikante
Artikel 18 - Werk van Professore
Artikel 19 - Teologiese studente
Artikel 20 - Versorging van predikantsweduwees
Artikel 21 - Toesig oor onderrig aan skole
Artikel 22 - Verkiesing van ouderlinge
Artikel 23 - Werk van ouderlinge
Artikel 24 - Verkiesing van diakens
Artikel 25 - Werk van diakens
Artikel 26 - Diakens en liefdesdiens
Artikel 27 - Dienstyd/aftrede van ouderlinge & diakens
Artikel 28 - Owerheid en Kerkraad

3.2 **Die Kerklike Vergaderings**

Artikel 29 - Soorte kerklike vergaderings
Artikel 30 - Wat word op meerdere vergaderings behandel
Artikel 31 - Beslissings van meerdere vergaderings
Artikel 32 - Opening en afsluiting van vergaderings
Artikel 33 - Afgevaardigdes na meerdere vergaderings
Artikel 34 - Skriba by meerdere vergaderings
Artikel 35 - Voorsitter by meerdere vergaderings
Artikel 36 - Seggenskap van meerdere vergaderings
Artikel 37 - Wie is almal kerkraad
Artikel 38 - Instelling van 'n kerkraad
Artikel 39 - Sonder kerkraad: naburige kerk versorg
Artikel 40 - Diakensvergaderings
Artikel 41 - Wat is 'n Klassis
Artikel 42 - Afvaardiging van predikante
Artikel 43 - Vergaderingsensuur
Artikel 44 - Visitasie
Artikel 45 - Korresponderende Kerkraad
Artikel 46 - Afgehandelde sake dien nie weer tensy...
Artikel 47 - Wat is 'n Partikuliere Sinode
Artikel 48 - Kerklike korrespondensie: kerkverband
Artikel 49 - Welomskrewe opdrag vir deputate
Artikel 50 - Wat is 'n Nasionale Sinode
Artikel 51 - Wat is 'n Algemene Sinode
Artikel 52 - Kerklike korrespondensie: buiteland

3.3 **Oor die Leer, Sakramente en ander Seremonies in die kerk**

Artikel 53 - Ondertekening - Predikante
Artikel 54 - Ondertekening - Ouderlinge
Artikel 55 - Suiwer handhawing van leer
Artikel 56 - Doop - so gou moontlik
Artikel 57 - Aanvra van doop
Artikel 58 - Doop - formuliere
Artikel 59 - Volwassenes - doop & nagmaal
Artikel 60 - Doopregister
Artikel 61 - Nagmaal: toelating tot ...
Artikel 62 - Nagmaal: wyse van viering
Artikel 63 - Nagmaal: minstens elke drie maande
Artikel 64 - Nagmaal: toesig
Artikel 65 - Lykpredikasies

Artikel 66 - Biddae
Artikel 67 - Christelike feesdae
Artikel 68 - Kategismuspreke
Artikel 69 - Liedere wat gesing mag word
Artikel 70 - Huwelik: volgens formulier

3.4 **Oor die Kerklike Tug**

Artikel 71 - Noodsaak van sensuur
Artikel 72 - Onderlinge vermaning - Matt. 18
Artikel 73 - Heimlike sondes
Artikel 74 - Bekendmaking aan kerkraad
Artikel 75 - Versoening
Artikel 76 - Afhouding van sakramente
Artikel 77 - Drie trappe van sensuur
Artikel 78 - Heropname
Artikel 79 - Skorsing van ampsdraers
Artikel 80 - Sondes wat skorsing/afsetting verdien
Artikel 81 - Christelike sensuur in kerkraad
Artikel 82 - Attestering
Artikel 83 - Armes wat vertrek
Artikel 84 - Geen hiërargie
Artikel 85 - Middelmatige sake - Buitelandse Kerke
Artikel 86 - Kerkorde kan verander

By baie van hierdie artikels is daar Sinodebesluite wat saam met die artikels gelees moet word. Die Kerkordeboekie gee self duidelike aanwysings hieroor.

4. **DIE VERHOUDING VAN DIE AMPTE TOT MEKAAR**

Wanneer daar gepraat word van die drie ampte in die kerk, moet ons altyd die volgende onthou:

- Dit is God wat die ampte ingestel het. En by sy bepaling ten opsigte van die pligte van alles wat die ampte raak, moet ons ons berus. Ons kan nie die ampte moderniseer nie. Ons kan wel ons werk so doen dat dit selfs onder die modernste omstandighede steeds aan sy eis van opregtheid, deeglikheid en nougesetheid voldoen.

- Die drie ampte wat ons vandag in die plaaslike gemeente ken, was een drie-enige amp van Christus. Hy was Profeet, Priester en Koning tegelykertyd. Daarom is dit voor-die-handliggend dat die take en werksterreine van die drie ampte nie altyd waterdig van mekaar onderskei kan word nie. Daar is terreine waar die predikant en die ouderling presies dieselfde werk het en net so is daar gebiede waar die ouderling en die diaken se terreine mekaar oorvleuel en presies dieselfde geld die

ampswerk van die predikant en die diaken. Die ampte is soos volg benoem:

Profeet - predikant
Priester - diaken
Koning - ouderling

Om hierdie ampsverhouding 'n sigwaarde te gee, is daar deur middel van onderstaande skets probeer om die ampte deur middel van sirkels voor te stel. Elke sirkel stel die werksgebied van die amp wat daarin aangeteken is, voor. Waar die sirkels oorvleuel, dui dit die gebied aan waar die twee ampte dieselfde werk doen. Ondergenoemde skema is slegs 'n voorstelling en is nie absoluut nie. Die leser moet egter in gedagte hou dat hierdie maar net 'n skematiese voorstelling is, dat dit dus ook gebreke het en nie die verhoudings op alle vlakke verbeeld nie. Dit is slegs dienlik vir die verstaan en gebruik van hierdie handleiding.



Skematiese voorstelling van die onderlinge verhouding tussen die drie ampte om aan te toon waar die ampte oorvleuel en waar hulle werksterreine verskil

HOOFSTUK 1

DIE DIAKENAMP

1. Inleiding
2. Instelling van die Diakenamp
3. Taak en Terrein
4. Beeld van Christus
5. Doel van Diakonale Versorging
6. Wie behoort almal onder Diakonale Sorg?
7. Diakenamp in Koninkryksperspektief
8. Verhouding Kerkraad - Diaken
9. Voorgestelde verkorte Formulier

1. INLEIDING

God is 'n God van orde. Daarom doen die Here alles in sy kerk amptelik en ordelik. Hy het sy kerk amptelik geïnstitueer. In hierdie instituut het Hy die volgende ampte verorden (vgl. Die Kerkorde art. 2):

- Die Bedienaar van die Woord - Profete-amp.
- Die Professore aan die Teologiese Skool is bloot 'n verlengstuk van die predikante-amp, en is dus deel van die profete-amp.
- Die Ouderlinge - Koningsamp
- Die Diakens - Priestersamp

Hierdie drie ampte is natuurlik die drie ampte van Christus. Hy was Profeet, Priester en Koning. Elkeen van ons dra as gelowiges (Christene) ook al drie hierdie ampte. Maar in die kerk as instituut word sommiges van ons geroep en bevestig in die besondere ampte. Dan beklee ons ampsdraers een van hierdie drie ampte -wat nie beteken dat jy die amp van gelowige (profeet, priester en koning van Christus) verloor nie.

- Die profeet se amp is om die woord te verkondig.
- Die koning se amp is om te regeer.
- Die priester se amp is om homself as 'n lewende dankoffer aan God toe te wy.

Laasgenoemde is die amp van die diaken. Hy is die orgaan waardeur die gemeente sy priesterlike diens verrig.

Die naam Diaken kom van die Griekse woord DIAKONOS wat dienaar beteken. Hierdie DIAKONOS het 'n groot verskeidenheid van dienste verrig. Hy het ampsdiens in die gemeente verrig, wat beteken dat hy onder die erediens 'n taak

vervul het, maar hy het ook buite die erediens - maar steeds binne die gemeente - dienste verrig deur sekere gemeentelede te versorg.

Elke ampsdraer kan met reg 'n DIAKONOS genoem word, want ook die ouderling is in die uitoefening van sy amp God se dienskneg. Dieselfde geld van die predikant en sy amp.

2. INSTELLING VAN DIE DIAKENAMP

In Handelinge 6 word 'n besondere diens in die kerk ingestel. Die amp het tot stand gekom omdat daar 'n nood voor was. Die Griekssprekendes het by die Hebreërs gaan kla omdat hulle weduwees nie versorg is nie. Daar was toe manne verkies wat hierdie steuring moes wegruim deur alle weduwees gelyklik te versorg.

Die studiedeputate van die Nasionale Sinode (Acta, 1982: 496 vv.) aanvaar in hulle verslag dat hierdie slegs 'n tydelike instelling was wat waarskynlik weer verdwyn het nadat die versteuring in die gemeenskap van gelowiges uit die weg geruim is. Handelinge 6 is dus nie 'n locus classicus vir die instelling van die diakenamp nie, maar daar kan wel 'n diakonale aspek aangetoon word, nl. versorging.

Uit Romeine 12: 8 kan 'n eerste belangrike aspek van die diakonale roeping afgelei word. Daar is verskeie genadegawes in die kerk: lering, profesie en vermaning. Dan word daar ook genoem "wie uitdeel in opregtheid; wie barmhartigheid bewys, met blymoedigheid."

Die diakonale amp se roeping is dus om die liggaam van die kerk, saam met die ander ampte en gawes, in bogenoemde opsig reg te laat funksioneer.

Ons lees ook van hierdie diens in 1 Kor. 12: 28. Daar is in die kerk mense aan wie God 'n bepaalde taak gee. Onder die verskillende take kom onder andere "genadegawes om hulp te verleen" na vore. Die liggaam van Chistus moet ook deur hierdie besondere diensbetoning opgebou word.

Die diakenamp is by uitstek die amp wat met die nood van mense te doen kry. Daarom is die funksie van hierdie amp om op geestelike en stoflike gebied die kerk te verlewendig. Die diakens moet die hele gemeente aanvuur tot barmhartigheidsbetoon; dan sal hulle nie net self barmhartigheid beoefen nie, maar die diakens ook voorsien van al die middele wat hulle nodig het om hulle amp te kan uitoefen.

3. TAAK EN TERRREIN

Die siel van die diakenamp is liefde. Hulle beeld met die diens van barmhartigheid die liefde van God oor sy uitverkorenes uit. Diens word altyd gekoppel aan liefde. Daarom het die diakens die ryke amp om die gemeente toe te rus vir hulle dienswerk.

Al die ampte staan onder die verpligting wat deur die Heilige Gees verwoord word in Efesiërs 4: 11, 12: "En Hy het gegee sommiges as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus." Dit word ook in Kol. 1: 28 genoem: "Hom verkondig ons, terwyl ons elke mens vermaan en elke mens in alle wysheid onderrig, om elke mens volmaak in Christus Jesus voor te stel."

Uit bogenoemde tekste word dit baie duidelik dat alle ampte aan dienswerk, vermaning en opbouing verbind is. Dit geld dus ook van die amp van die diakens. Die diakens moet dus die gemeente opskerp tot diens van barmhartigheid. Hulle is die saambindingsfaktor wat die gemeente in 'n eenheid bymekaar moet hou. Dit is nie so maklik om dit alles te doen as wat dit gesê word nie, want dit beteken dat die diakens in hulle ampswerk die gemeente moet toerus vir hulle heilige dienswerk tot opbouing van die liggaam van Christus.

Die saak is dus so: die diakens werk op drie terreine:

- Hulle moet in die gemeente barmhartigheid betoon.
- Hulle moet die gemeente toerus en opwek tot barmhartigheidsbetoon.
- Hulle moet die eenheid in die gemeente bewerk, versterk en laat groei.

4. BEELD VAN CHRISTUS

Die diaken is in sy amp beeld van die priestersamp van Christus. Sy teenwoordigheid en funksies tydens die erediens preek dit ook. DAAROM IS DIT 'N GEWELDIGE ERNSTIGE SONDE AS 'N DIAKEN HOM SKULDIG MAAK AAN SWAK KERKBESOEK. Hy is nalatig in sy beeldskap en ampswerk van sy Sender.

God sal 'n ampsdraer daarvoor verantwoordelik hou as hulle hulle ampspligte en roeping daarin versaak dat hulle nie gereeld die eredienste bywoon nie.

Die diaken moet ook besef, dat al dra hy die priestelike amp van Christus, dit nie beteken dat hy nou niks van die profetiese en koninklik ampte van Christus vertoon nie. Hierdie drie ampte word onderskei, maar nie geskei nie. Hulle was een drie-enige amp in Christus.

Hieruit volg dan dat die diaken nie net uitdeel nie, maar dat hy ook in verband met sy priesterlike werk moet onderrig (profeties) en vermaan (koninklik).

Daarom is die voorwerpe van bediening deur die diakens nie net die armes en ellendiges nie, maar die hele gemeente - ryk, arm oud en jonk. Die diaken mag nie agterlosig wees in sy huisbesoek nie en hy mag ook nie een gesin oorslaan nie, al is dit 'n ryk gesin.

Die huidige praktyk in baie kerke dat diakens eintlik niks doen nie, behalwe om onder die erediens kollektes op te neem, is 'n situasie wat hulle self geskep het met hulle luiheid. In feitlik alle gemeentes is die diakens se kerkbesoek 'n probleem en in feitlik alle gevalle doen die diakens net nie voldoende huisbesoek nie. Daar moet nou weer manne opstaan wat die roeping voor God voel om hierdie amp weer te beoefen soos wat Hy dit ingestel het. Dan sal dit ook met die kerk in sy geheel beter gaan.

5. DOEL VAN DIAKONALE VERSORGING

Jesus Christus het gekom om 'n verlore mensdom te red. Sondaars en dood-verlorenes het weer 'n doel gekry om voor te lewe. Hulle het die ewige lewe en die roeping om God te verheerlik en om sy priesterlike genade te beleef en te verkondig.

Arm mense verval ook dikwels in geestelike nood en geloofsdruk. Die doel van die diakonie is om die armes en ellendiges te hulp te kom sodat hulle soveel moontlik weer in staat sal wees om aan hulle roeping te beantwoord.

Daar val 'n baie groot deel pastorale versorging by die diakens. Hulle moet in hulle gesprekke en bearbeiding die arme laat besef dat Jesus Christus hom nie vergeet nie. Dat Christus ook gesterf het vir sy nood en dat God se liefde ook vir hom geld. Dieselfde geld van die lidmaat wat gespanne of bang of depressief is.

Hulp is ook geen hulp as jy iemand help om aanhou gehelp te word nie. Die hulp moet sodanig wees dat indien moonlik, die toestand van onbekwaamheid oorwin kan word en die ellendige weer in staat kan wees om as volwaardige mens sy roeping te kan vervul.

Uit die aard van die saak is die diaken ook geroepe om sulke toestande van ellendes te voorkom. Hy moet betyds advies gee, vermaan en wys op toestande en lewenspraktyke wat tot ellendes lei en wat 'n mens onbekwaam maak vir sy roeping.

6. WIE BEHOORT ALMAL ONDER DIAKONALE SORG?

Die hele gemeente
Armes
Oues van dae
Weduwees
Weeskinders
Siekes

Calvyn het op grond van Romeine 12: 8 gepleit vir twee soorte diakens. Die een moes te doen hê met die versorging van die armes en die ander met die versorging van die siekes. Hiermee word nie beweer dat die diaken moet optree as 'n verpleër nie. Maar dit is die diakonale taak om siekes te vertroos en by te staan. Modern gestel: hospitaalbesoek is 'n hoë prioriteit by die diaken.

Vreemdelinge is die volgende groep. Dink aan nuwe intrekkers of aan immigrante. Waarom moet hulle eerste kennismaking met die profeet of met die koning wees? Sou die priester wat kom met die liefde en barmhartigheid van Christus nie die aangewese een wees nie?

Paulus skryf in Hebreërs 13: 2: "Dink aan die gevangenes asof julle mede-gevangenes is." Wat van gevangenes wat hulle vonnis uitgedien het ? Wat van ons werkloses wat afbetaal is en wat heeltemal of deels ontwrig is en nou weer hulle weg moet vind in die samelewing? Die diaken is die regte man om hierdie man of vrou met raad en troos by te staan totdat hy/sy weer gevestig is en weer normaal sirkuleer in die samelewing en ook in die kerklike lewe.

7. DIAKENAMP IN KONINKRYKSPERSPEKTIEF

Waar die kerk in God se koninkryk werksaam is, werk al die ampte saam. Ons lees in Romeine 15: 8 dat Christus dienaar (DIAKONOS) geword het om vir die Jode die waarheid van God te bevestig. Hy het gekom sodat al die nasies God oor sy ontferming kan verheerlik.

Teen hierdie agtergrond verwyd die diakonale werk tot koninkrykswerk terwyl dit aan die kerk verbind bly. Die roeping van die kerk (Matt. 28: 19): "Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, ... en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het", bring al die kerklike ampte in beweging in diens van God se koninkryk. Sending en evangelisasie kom ook hier binne die gesigsveld van die diakonie (vergelyk hierby Rom. 12: 17; Gal. 6: 10).

Trooswoorde uit God se Woord moet in die huis van elke lidmaat gehoor word en die diaken bring dit tuis dat ons 'n vaste vertroue op ons getroue God en Vader moet stel: Niks kan ons van sy liefde skei nie. God se hand moet gesien word in alles wat ons ontvang.

8. VERHOUDING KERKRAAD - DIAKEN

Daar bestaan baie wanopvattings oor hierdie saak, meestal omdat menslike oordeelsfaktore daarby 'n rol speel en 'n mens se oordeelsvermoë het ook maar sleg onder die sonde deurgeloop en is daarom baie onbetroubaar. Dit is waarom mense soms dink dat diakens ondergeskik is aan die ouderlinge, of dat om 'n diaken te wees 'n laer amp is as ouderlingamp.
Die feit is dat net die ouderling en die predikant die Kerkraad vorm. Maar dit maak nie die diaken minderwaardig nie. Die diakenamp is 'n TOTAAL ANDERSSOORTIGE AMP. Die diakens wil nie ouderlinge wees nie, want dit is 'n ander amp. Die diakenamp is 'n gelykwaardige amp wat op 'n heeltemal ander vlak funksioneer. Die ouderlinge regeer die kerk. Maar almal kan nie regeer nie, Daar is ook mense nodig wat wonde kan verbind, en kwesplekke kan salf, iemand wat kan troos en verstaan. Geen mens kan armoede met regeerwerk oplos nie, daarom het God 'n totaal ander amp daarvoor ingestel: Sy diakens.

Die diaken is ook nie "onder" die ouderling nie. Hulle doen wel verslag aan die ouderlinge oor hulle werksaamhede, maar die doel hiervan is hoofsaaklik om die ouderlinge in staat te stel om toesig te hou oor die kudde enersyds, en andersyds om die diakens in staat te stel om advies van die ouderlinge te verkry oor werklik prinsipiële sake in die diaken se praktiese werk. Die diakens mag probleme hê wat deur die ouderlinge in hulle koningsamp vir hulle uitgestryk mag word sodat hulle hulle werk makliker en beter kan doen.

Let wel, die Kerkorde praat daarvan dat die diakens verslag doen IN die kerkraad en nie AAN kerkraad nie. Dit toon tog aan dat die diakens nie laer of onmondig teenoor die kerkraad gestel word nie.

Elke amp is 'n bepaalde diens, funksie en waardigheid wat God deur middel van 'n persoon wat deur die gemeente geroep en bevestig word, laat bedien. Elke amp dra dus 'n verteenwoordigende en dienende (diakonale) karakter, omdat die ampsdraer nie homself nie, maar sy Sender verteenwoordig. Waak dus dat u amp nie uitgehol word met verkeerde idees nie.

9. VERKORTE FORMULIER

Uit die agenda van die Nasionale Sinode 1982 (p.448) kom die volgende pligte wat aan die diaken gestel word:

9.1 U moet met 'n bewoë gemoed dié lidmate tot hulp kom wat in armoede en nood verkeer as gevolg van siekte en ouderdom en ander oorsake. U moet egter nie alleen materiële hulp verleen nie, maar dié wat behoeftig is en in nood verkeer, met 'n toegeneë hart ook troos uit die Woord van God. Om dit te kan doen, moet u die Skrif deeglik ondersoek en u verdiep in die rykdom van die evangelie.

9.2 U moet die gemeente aanspoor tot barmhartigheidsdiens en so sorg dra dat daar goeie middele gevind word tot versorging van die wat dit nodig het. U moet behoorlik toesig hou oor die middele en na oorlegpleging met mekaar die middele met insig bestee waar dit nodig is.

9.3 U versorging moet veral op die huisgenote van die geloof gerig wees, maar u moet ook aan alle mense goed doen.

HOOFSTUK 2

DIE DIAKENAMP

1. Hoe werk die diaken?
2. Enkele praktiese Riglyne: Vergaderings van Diakens
3. Beplanning
4. Spesiale Gevalle
5. Wyksverslae
6. Huisbesoek
7. Spesiale Besoeke
8. Die Funksie van die Diakens by die Eredienste
9. Die Konsistoriegebed
10. Slot

1. HOE WERK DIE DIAKEN?

Die diaken werk met die Bybel in die hand. EN HY SORG DAT HY WERK! Doen huisbesoek, troos en vermaan waar nodig en bemoedig en versterk! Laat jou amp en jou lewe die liefde van jou Sender, Jesus Christus, preek.

2. ENKELE PRAKTIESE RIGLYNE

2.1 Vergadering van die diakens

Hier is die hart van die sukses van diakonale werk. As hierdie vergaderings reg gehou word en die beplanning hier vlot, en die toesig oor mekaar goed is, sal die diakenamp in die gemeente soos 'n goed geoliede masjien loop.

Die diakens vergader soos op die diensrooster aangetoon, maar indien daar sake is wat dit vereis, vergader hulle meer dikwels.

2.1.1 <u>Agenda</u>

Op die Diakonale vergadering dien gewoonlik die volgende sake:

- Opening
- Verwelkoming
- Personalia.
    - Slegs aangeleenthede rakende die diakens self, bv. dood, ernstige siekte, geboorte van 'n baba, ens. Verder slegs die ernstigste gevalle in die gemeente, want "normale" siektes en kwellinge word onder die wyksverslae behandel.
- Notule

- Sake uit die Notule
- Sake deur die Kerkraad verwys.
- Wyksverslae.
    - Hierdie verslae gaan SLEGS OOR DIAKONALE WERK. Hier word nie verslag gedoen oor enige sake wat die ouderling se ampswerk dek nie. Dit gaan hier oor behoeftige gevalle, siekes, oues van dae, vervoer vir hierdie mense om by die kerk uit te kom, ens.
- Finansiële Verslag.
- Korrespondensie.

2.1.2 Beplanning

Die volgende sake verskyn wanneer nodig op die agenda van die diakonie:

- BEPLANNING

    - Beplanning van diensbeurte reg deur die jaar. Die voorsitter en ondervoorsitter trek sodanige lys van diensbeurte op en lê dit by die eerste vergadering van die jaar vir goedkeuring voor.
        - Beplanning van diensbeurte by Nagmaal. Dieselfde geld as vir bogenoemde. Hierdie lys sal nader bepaal watter diakens vir brood en watter vir wyn en watter vir die skoonmaak en hervul van die bekers verantwoordelik is, asook wie die gebruikte bekers by die tafel gaan haal en wie die volles terugneem. (Die diakens word slegs deur die wyke aangedui).
    - Beplanning van huisbesoek.
    - Beplanning van toerustingskursusse vir diakens.

- SPESIALE GEVALLE

    Wanneer daar uit die wyksverslae blyk dat daar hulpbehoewende gevalle is, word daar onder 'n aparte punt van die agenda aan elkeen individueel aandag gegee. Die rede hiervoor is in die eerste plek die ordelikheid van die saak en tweedens die voortgang van die saak. Daarmee word seker gemaak dat die saak nie agterweë bly wanneer die diaken nie 'n vergadering kan bywoon nie.

3. **WYKSVERSLAE**

Hierdie verslae word almal skriftelik ingedien. Die voorsitter oefen kontrole uit oor elke diaken en maak seker dat die betrokke diaken die hele wyk besoek het en dat elke diaken by elke vergadering 'n skriftelike verslag indien.

Indien daar 'n diaken of diakens is wat aanhoudend agtelosig bly, dan vermeld die voorsitter van die diakonie hulle onder die behandeling van Kerkorde artikel 81 wanneer die ouderlinge en diakens saam vergader. Indien sulke ampsdraers na

vermaning volhard, word die tug op hulle toegepas en mag dit selfs lei tot hulle skorsing of afsetting.

Die voorsitter van die diakonie maak 'n opsomming van al die wyksverslae soos wat hulle gelewer word, sodat hy vir die doeleindes van sy vergadering en vir die effektiewe funksionering van die diakonie 'n oorsig het oor die diakonale aspekte van die hele gemeente.

Hiervoor mag 'n vorm soos die onderstaande in gebruik wees (aangepas by plaaslike omstandighede):

Wyk	Gesinne nie besoek	Gesindheid tydens besoek	Behoeftige lidmate	Siekes besoek	Ander
1.					
2.					

Hierdie vorms word almal in 'n aparte lêer bewaar en vorm deel van die notule. Tydens die volgende vergadering word die vorige verslag as kontrole gebruik.

4. HUISBESOEK

Die diaken moet ten minste een keer elke drie maande deur sy wyk gaan.

- Die diaken berei sy huisbesoek deeglik voor. Hy kan besluit om oor 'n bepaalde tema van barmhartigheid te gaan praat. Dit kan ook op 'n diakonale vergadering ooreengekom word dat alle diakens oor dieselfde saak sal praat tydens hulle huisbesoek.

Die diaken sal ook 'n gepaste gedeelte uit die Bybel lees. Hy kan ook 'n gebed doen. By ou mense is dit 'n vereiste dat daar elke keer vir hulle gebid sal word. By siekes ook. Dit geld ook eensames.

- Maak 'n afspraak vir 'n spesifieke tyd. Die lidmate verwag u en hulle is dus reg ingestel. By oues en siekes is dit nie altyd moontlik om afsprake te maak nie.

- Wanneer jy 'n lidmaat in die hospitaal het, maak seker dat jy hom besoek. Dit is nie noodwendig dat die diaken in die hospitaal ook sal lees en bid nie, want hy word net besoekure toegelaat en dan mag daar te veel besoekers wees, of as dit in 'n saal is, mag die atmosfeer te steurend wees vir Skriflesing en gebed.

- Die diaken hoef nie 'n lang gebed te bid nie. Ons weet almal dit is swaar om in die openbaar te bid. Dank die Here vir sy seën oor die huis en bid vir troue bystand verder.

- U kan u besoek binne 'n halfuur afhandel.

- Tydens die besoek, word daar eers gegroet en oor allerlei gesels. Maar kom so vinnig moontlik by jou huisbesoek uit sonder om die saak te forseer. Onthou dat jy daar is vir huisbesoek en nie om te kuier nie.

5. SPESIALE BESOEKE

Behoeftige Lidmate:

Indien dit aan u bekend word dat 'n gesin in finansiële nood verkeer, besoek die gesin en voltooi die diakonale vraelys. Dit is 'n vraelys wat saamgestel is deur die Sinodale deputaatskap vir Diakonale sake van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.

Dit is noodsaaklik om hierdie vraelys te gebruik, omdat daar mense is wat te maklik finansieel op die diakonie se rug ry. Daar word baie sensitiewe inligting gevra, maar onthou dat jy daar is as die priester van Christus en as iemand wil deel in die genade van Christus, moet hulle ook die vrymoedigheid en eerlikheid hê om hulle sake met die ampsdraer te bespreek. Anders kan die diakonie ook nie met eerlikheid teenoor die Here Jesus Christus verantwoording doen van die reg van sy saak nie.

Onthou tog net asseblief om nie met hierdie vraelys te gaan werk soos 'n inspekteur nie. Werk daarmee met liefde en met groot wysheid en onthou dat alles wat vir jou gesê word, VERTROULIK is. Daarom is diakonale vergaderings geslote vergaderings. Niks daarvan mag uitlek nie, want mense se eer is op die spel!

- Indien die gemeentelede wat besoek moet word en die diaken mekaar nog nie goed genoeg ken nie, mag 'n medediaken saamgaan, wat wel met die lidmate vertroud en bekend is.

- Lees altyd vir sulke mense 'n gedeelte uit die Woord voor en sluit af met gebed.

- In dringende gevalle moet die dagbestuur van die diakonie dadelik 'n besluit neem wat later deur die vergadering goedgekeur moet word.

- U mag nooit met geld help nie. Betaal rekeninge, koop self kruideniersware aan, of reël by 'n winkel of supermark dat daar teen 'n bedrag gekoop mag word. Bied die hulp altyd so aan dat die lidmate nie verleë is nie, maar dankbaar.

- Diakonale hulp is nie net hulp om voort te bestaan nie, maar ook advies en raad aan 'n lidmaat sodat hy kan aanhou leef. M.a.w. advies sodat hy sy armoede kan oorkom en in die toekoms kan vermy.

- Gee veral aandag aan die weduwees. Die verskriklikste ding wat 'n vrou kan

oorkom, is dat haar man sterf. Meteens is sy losgeslaan van alles. Sy is alleen. Sy moet nuwe vriende kry, want in die meeste gevalle is 'n man nie bereid om saam met sy vrou by 'n alleenlopende vrou te gaan kuier nie.

- Bemoedig haar, want sy verval maklik in swaarmoedigheid.
- LUISTER EN VERSTAAN. Los haar dat sy praat en kla, maar leen net jou ore vir haar. Sy wil graag haar hart uitpraat. Moet nie oplossings vir alles probeer gee nie. Geen man kan hom in daardie situasie indink nie. Maak baie seker dat as jy iets aanbeveel, dit wel waar is, sin maak en gedoen kan word. Anders bly jy net doodgewoon stil.

- Wanneer daar 'n sterfgeval in jou wyk is, koördineer net sake. Sorg dat die weduwee by die begrafnisondernemer kom. Help met reëlings. Sorg dat daar noue kontak is tussen jou, die predikant en die ouderling en die wyksuster.

MAAR PASOP !!! As die weduwee jonk is, voel sy maklik en vinnig afhanklik van enige man wat haar help en bystaan. Die Bybel waarsku nie verniet teen weduwees onder 60 wat wellustig word en wil trou nie. Jy is 'n ampsdraer en nie 'n potensiële minnaar nie. Tree so op dat so 'n situasie nooit ontstaan nie.

6. DIE FUNKSIE VAN DIE DIAKEN TYDENS DIE EREDIENS

- Wees tot beskikking van die lidmate wat hulp nodig het. Daar is baie keer mense wat die Kassier, Skriba of dalk die Dominee wil spreek. Neem hulle na die regte mense toe.

- Kollektes word tydens en na die diens ingesamel deur die diakens. Sorg dat daar altyd BETYDS gereël word wie doen wat. Dis steurend as daar klaar geopen is en die normale konsistorie aangeleenthede word versteur deur 'n onrus onder die diakens omdat daar dan alleryl beplan word wie wat moet doen. Sulke reëlings word die begin van die jaar gedoen en in 'n rooster vervat wat tot die beskikking van elke diaken moet wees. Die voorsitter kontroleer betyds voor die erediens dat alle diakonale pligte glad sal verloop.
- 'n Netjiese voorsitter van die diakonie sal slegs by die allerhoogste uitsondering nie 'n erediens bywoon nie en wanneer hy nie daar kan wees nie, sal hy reël dat die ondervoorsitter sy pligte oorneem.

- Tydens verkiesings is die gebruik dat die diakens die stembriewe uitdeel en weer insamel. Dit word vinnig en ordelik gedoen. Verkieslik nie deur dieselfde persone wat die kollektes insamel nie.

  - Let op dat elke belydende lidmaat 'n stembriefie kry.
  - Probeer om almal te help om penne in die hande te kry.

- Die versorging van die Nagmaaltafels is van die Nuwe Testament af aan die plig van die diakens. Sorg dus dat die reëling getref word om in die volgende te voorsien:

  - Daar moet diakens wees wat die broodborde en wynbekers aangee by die

tafels. Hulle sien toe dat die gebruik van die sakrament vlot verloop.

- Daar moet diakens wees wat die gebruikte wynbekers wegneem sodat hulle weer skoongemaak en volgemaak kan word.

- Die broodborde moet teruggeneem word sodat die tafel weer gedek kan word sodat die gemeente weer kan kom aansit.

- Terwyl daar 'n tafel aan die gang is, word die wyn in die gebruikte bekers gefiltreer; die bekers word gewas en weer vol wyn gemaak. Die bekers simboliseer die genade van God. Mens ly liewer 'n liter of wat wyn skade as om die genade van God gebrekkig te verkondig.

- Die Groot wynbeker aan die Nagmaaltafel moet ook vol wyn wees met die begin van die Nagmaal.

- Sodra die Psalm gesing word wat die einde van die vorige tafel aankondig, maak die diakens gereed. Wanneer die musiek stil word, word die vars bekers ingedra, oorhandig en die gebruiktes weer weggeneem.
- Na die laaste tafel word daar 'n Psalm gesing om die diakens kans te gee om weer die tafel in orde te kry voordat hulle hulle plekke inneem en die predikant die geleentheid te gee om terug te gaan preekstoel toe.

- Dis ook die taak van die diakens om na die diens in die konsistorie af te sluit. Die reëlings hiervoor kan ook per diensbeurt uitgewerk word.

7. DIE KONSISTORIEGEBED

Hierdie gebed, in die geval van die ouderling en die diaken, hoef net op die preek betrekking te hê. Die seën word gevra op die verkondiging van die Woord en dat die gemeente die oomblik van teenwoordigheid en gemeenskap met God mag geniet en waarlik luister na die stem van die Heilige Gees. Met die gebed na die diens word God gedank vir sy Woord en sy genade. Daar word gepleit dat God ons weer saam mag vergader.

8. SLOT

Die gemeente sien op na jou. Hulle God het jou verkies om hulle te bearbei en te versorg. Kyk dus na klein dingetjies wat eintlik groot dinge is: jou kerkbesoek, jou vriendelikheid, jou hulpvaardigheid, jou netheid. Pasop wat jy sê veral oor politiek en kultuur en tradisie. Jy is in jou amp om jou eie standpunt vir jouself te hou en die koninkryk van God te dien. Bly liewer stil oor hierdie dinge en leef reg, as om iets te sê wat aanstoot gee of seermaak. Dit is nie deel van jou beeldskap van jou God wat jy moet vertoon nie!
Leef en werk nougeset!
Wees 'n voorbeeld vir elkeen oor wie die Here jou gestel het!

HOOFSTUK 3

DIE OUDERLINGAMP EN DIE DIAKENAMP

1. Kerkorde-artikels ter sake: Artikels 79, 80, 81.

2. Praktiese Gebruike in die Kerkraad:

3. Onderlinge Sensuur
   Tug oor Ampsdraers
   Konsistoriegebruike: Registers van bywoning.
   Registers van preke
   Register van bandpreke versend en terug ontvang
   Register van kollektes ingesamel
4. Attestate

1. SKORSING VAN AMPSDRAERS

Kerkorde-artikels ter sake: Artikels 79, 80, 81.

As ampsdraers 'n openbare growwe sonde bedryf wat in die kerk skandelik of by die owerheid strafbaar is, moet hulle deur die kerkraad dadelik voorlopig in hul amp geskors word; ouderlinge en diakens moet dan deur die kerkraad en 'n naburige kerkraad of deputate van twee naburige kerkrade in hulle amp geskors of daarvan afgesit word.

Bedienaars van die Woord moet deur die kerkraad en deur die naburige kerkraad of deputate van twee naburige kerkrade egter net geskors word, waarna die Klassis met advies van die deputate van die Partikuliere Sinode oordeel of hulle heeltemal uit hulle amp afgesit moet word.

Artikel 80

Onder growwe sondes wat skorsing in of afsetting uit die diens verdien, is die volgende die vernaamste: valse leer of kettery, openbare skeurmakery. openbare Godslastering, simonie, trouelose verlating van diens of indringing in die diens van 'n ander, meineed, egbreuk, hoerery, diefstal, geweldpleging, gewoontedrokenskap, vegtery, onregverdige winsbejag - kortom, al die sondes en misdade wat die bedrywer by die wêreld eerloos maak.

Artikel 81

Die bedienaars van die Woord, die ouderlinge en die diakens moet onder mekaar die Christelike sensuur uitoefen en mekaar oor die bediening van hulle amp vriendelik vermaan.
PRAKTIESE GEBRUIKE IN DIE KERKRAAD

1 ONDERLINGE SENSUUR
2 TUG OOR AMPSDRAERS
3 KONSISTORIEGEBRUIKE
3.1 Registers van bywoning
3.2 Registers van preke
3.3 Registers van bandpreke versend en terug ontvang.
3.4 Registers van kollektes ingesamel.

4 ATTESTATE

1. ONDERLINGE SENSUUR

1.1 Inleiding

Die Engelse het 'n mooi spreekwoord wat lui dat dit beter is om iets te verhoed, as wat jy toelaat dat dit gebeur en nou wil jy gesondmaak wat siek is. Dit is ook die beginsel van artikel 81 van ons Kerkorde.

Wanneer 'n ampsdraer 'n sonde doen, moet hy geskors word en as dit baie ernstig is, selfs afgesit word uit sy amp. Dit is 'n baie pynlike en onaangename proses. Daarom wil niemand dat so-iets gebeur nie. Dit doen ook altyd baie skade aan God se koninkryk. Nou is dit ook waar dat daar baie gevalle is waar hierdie verskriklike saak verhoed kon gewees het as dit betyds die regte aandag gekry het. Dit is waarvoor artikel 81 daar is.

Artikel 81 is nie tug nie! Dit is toesig en onderlinge opskerping: Van die tyd van Calvyn af het die Gereformeerde kerke dit beklemtoon dat die kerklike tug alleenlik uitgeoefen kan word as die ampsdraers ook op mekaar se leer en lewe let en mekaar so opskerp dat daar nie een of meer van hulle langs die pad uitsak nie. Toe het die praktyk begin dat die ampsdraers by kerklike vergaderings op mekaar se ampswerk, leer en lewe let.

Die Konvent van Wesel, 1568, het toe hierdie beginsel deurgetrek na die Klassisse toe, sodat daar op die bedienaars van die Woord en die ouerlinge wat gedeputeer is, gelet sal word.
Die Sinode van 's Gravenhage het ook weer die artikel onder o gaan neem en toe besluit dat onder hierdie artikel die ampsdraers "mekaar oor die bediening van hulle amp vriendelik vermaan". Die klem by hierdie artikel val dus baie spesiaal net op die ampswerk.

1.2 Waar kry ons hierdie beginsel?

Daar staan in 1 Korinthiërs 14: 40 dat alles onder ons welvoeglik en ordelik moet gebeur. Ons Drie-Enige God is altyd 'n God van orde. Daarom word hierdie beginsel toegepas op die lidmate (art.71 K O) en dan ook op die kerkraadslede (art. 23, 81) en ook op al die kerke in kerkverband (art. 41, 43 en 44 K O). So hou ons almal toesig oor mekaar. Dink aan die gesprek tussen die HERE en Kaïn, toe Kaïn gesê het dat hy nie sy broer se oppasser is nie en die HERE hom toe laat verstaan het dat hy is!

Ons kry hierdie beginsel van vermaning ten opsigte van nalatige ampsdraers in die Bybel. Lees gerus 1 Timotheüs 5: 20:

"Bestraf die wat sondig in die teenwoordigheid van almal, sodat ook die ander kan vrees."

2 Petrus 2: 1 - 3 vermaan ook dat allerhande dwaalleraars die kerk sal benadeel en dat sulke verkeerde ampsdraers die gemeentes sal gebruik om voordeel uit hulle te trek. Daarom moet hierteen gewaak word en die middel om dit te doen, is die onderlinge sensuur.

Vanweë die algemene sondige geaardheid van mense kan ons ongelukkig nie hierby verbykom nie.

Calvyn het die volgende in 'n brief geskryf in 1544:

"*Vanweë ons almal se onvolmaaktheid kan dit nie anders nie, want ons het almal gebreke waaroor dit passend is dat ons vermaan word. By sommige bestaan dinge wat verkeerd is, wat verbeter moet word; ander weer wat in die gevaar van afwyking verkeer, moet gewaarsku word om, as dit moontlik is, dit te voorkom; ander weer moet tot meer ywer aangespoor word; by ander weer moet ondersoek ingestel word na slegte gerugte en as dit vals is, moet dit gesamentlik uit die wêreld uitgehelp word: ook kan 'n broeder ander tot aanstoot wees, en ook dit moet hier uit die weg geruim word.* (aangehaal uit Handleiding, 1966: 483).

Die doel van hierdie sensuur is om die maksimum uit elke ampsdraer uit te haal, omdat die ampsdraers mekaar hier aanspoor tot die maksimum ywer tot eer van God en opbou van die gemeente.

1.3 **Hoe word die sensuur uitgeoefen?**

- In Liefde

Hierdie vermanings moet gekenmerk word deur die liefde waarmee ampsdraers mekaar vermaan. Daarom staan daar in die Kerkorde dat hierdie vermanings "vriendelik" moet wees.

Kom ons stel die saak baie prakties: as een ampsdraer 'n ander ampsdraer moet vermaan, moet hy dit in opregtheid en bewoëndheid doen. Daar mag nie agressie by betrokke wees en die voorneme om die ander ampsdraer "te loop" nie. Dit is nie die gesindheid van Christus nie. So 'n ampsdraer is tugwaardig omdat hy daadwerklik haatgevoelens koester.

Daar moet verder billikheid in die saak wees. Iemand mag nie onredelik veroordeel word oor iets wat moontlik buite sy beheer was nie. Daarom geskied die vermaning onder artikel 81 baie versigtig en gematigd. Doen die ding op so 'n manier dat jy daarmee die bewys lewer dat die Here in sy heiligheid teenwoordig is en dat Hy trots is op die mooi en kalm wyse waarop jy met jou vermaning sy eer verheerlik, die oortreder opskerp en die welsyn van God se gemeente bevorder.

Die ampsdraer wat vermaan word, moet ook op sy eie gesindheid let. Hy mag hom nou nie "wip" omdat hy aangepraat word nie. Hy moet sy eie verkeerdheid darem ook raaksien en die vermaning in die gesindheid aanvaar dat hy hom voorneem om tot eer van God op die betrokke fout te herstel.

- Die vermaning is amptelik.

Die vermaning onder artikel 81 K.O. is nooit 'n persoonlike kwessie nie. Wanneer iemand liefdevol vermaan sou word oor iets wat skort in sy lewe of in sy ampswerk wat kan verbeter, neem die vergadering hierdie vermaning vir sy rekening.

Elke vermaning dra dus die karakter dat die ampsdraer deur die vergadering van ouderlinge saam met die diakens amptelik opgeskerp word. Dit is nie een ampsdraer wat oor 'n ander een gaan staan en toesig hou asof hy beter is nie. Dis Rooms. Hulle dink sekere ampsdraers is verhef bo andere en hulle kan met gesag die ander een oordeel.

Ons Gereformeerdes het nog nooit so 'n ding geken dat een ampsdraer oor 'n ander kan heerskappy voer nie. Dit is maar altyd die kerkraad wat in die Naam van die Here Jesus Christus die wag hou. Volgens artikel 23 moet die Kerkraad (ouderling) kyk en waak dat die predikant sy werk doen en suiwer preek en dan moet hulle ook oor die mede-ouderlinge en diakens toesig hou.

Daarom geskied hierdie vermanings teenoor mekaar altyd voor Nagmaal, want ons ampswerk hou verband met die viering van die sakrament. Ons moet die gemeente met 'n goeie voorbeeld van pligsgetrouheid en nougesetheid in elke opsig voorgaan.

- Hierdie Onderlinge Sensuur is nie Tug nie.

Vermanings onder artikel 81 K.O. mag moontlik op die toepassing van die tug uitloop as 'n broeder vermaan word oor bv. ampsnalatigheid en hy wil nie verbeter nie. Maar voordat dit 'n artikel 79-saak word, is dit geen tug nie.

Daarom is die prosedure hier heeltemal anders as by die tug. Daar word nie soos in die geval van geheime sondes (Mattheüs 18) eers een getuie en dan later twee saamgeneem en dan word die betrokke broeder in die volle vergadering van ampsdraers vermaan nie. Ampswerk is eerstens openbaar. Ons word nie heimlik verkies en bevestig nie en ons werk ook nie in die geheim nie. In ons opdrag gaan dit oor die ampswerk wat ons Sender aan ons opdra. Artikel 81 vermaan ons as ons verhouding met die Opdraggewer skeef begin loop.

1.4 Die "sondes en gebreke" ter sake

Dit gaan nie oor tugwaardige sondes nie. In daardie gevalle gebruik ons artikels 79 en 80. Hierdie onderlinge toesig gaan oor die leer en lewe van ampsdraers om te voorkom dat daar moeilikheid kom.

'n Ampsdraer kan 'n gewoonte (sonde) aanleer wat hom stadig maar seker onbekwaam maak vir die bediening. Die Kerkraad moet hierdie saam onderskep en die broeder waarsku voordat dit ontaard en daar later met die pynlikhede van die gevolge gesukkel word.

Dit gaan hoofsaaklik oor ampsdraers wat traag is om hulle werk te doen. Daar mag 'n broeder wees wat te lui is om behoorlik te werk. Daar mag een wees wat sommer doodgewoon agtelosig is.

Daar mag kerksraadslede wees wat ontrou is in hulle kerkbesoek. Daarom MOET die kerkraad altyd ondersoek instel na die erediensbywoning van alle ampsdraers. Die kerkraad reël plaaslik hoe dit gedoen word.

Dieselfde geld die toesig van die kerkraad oor die bywoning van kerkraadsvergadering, nalatigheid ten opsigte van opdragte wat aan ampsdraers gegee is en wat net nie uitgevoer word nie.

Daar mag ampsdraers wees wat 'n liefdelose geaardheid het teenoor lidmate en dan moet hulle hieroor vermaan word.

Daar is soms kerkraadslede wat altyd wegduik as daar opdragte na hulle kant toe kom. Hy is nooit bekwaam nie en, tyd is nou iets wat hy glad nie het nie en daar is voordurend omstandighede wat hom ry. Sulke broeders moet onmiddellik onder artikel 81 K.O. vermaan word, want indien sulke houdings volhard, word dit later tugwaardig.

Onder artikel 81 moet daar ook gelet word op die predikant se werk. En as hy dinge doen wat skadelik en onprofytlik is vir die gemeente, moet hy ook aangepraat word hieroor. Die kerkraad mag byvoorbeeld onder die indruk wees dat die dominee nie sy preke behoorlik voorberei nie, of dat hy gereeld by katkisasieonderrig afwesig is. Al sulke sake verdien die aandag van artikel 81 K.O.

1.5 Hoe word dit gedoen?

Vroeër jare het die vergadering elke keer die ampsdraer verskoon en dan het hulle in sy afwesigheid sy leer en wandel en ampsvlyt bespreek. Daarna is hy teruggeroep en het die vergadering hom meegedeel wat die sake is waaraan hy aandag moet gee.

Hierdie metode het hoofsaaklik twee nadele:

- Dit neem ontsettend baie tyd in beslag.
- Dit kan maklik aanleiding gee tot kwaadstekery, want daar word dikwels maklik agter iemand se rug iets gesê wat nie heeltemal op die kerf is nie.

Daarom is dit wensliker dat die persoon in die volle vergadering opstaan en dat enigeen wat iets wil vermeld, dan die geleentheid kry om dit net daar te doen in die gesindheid van ons Here. As ons gesindheid reg is, is dit nie nodig om agter iemand se rug te praat nie.

Prakties behoort artikel 81 so toegepas te word dat elke ampsdraer 'n beurt kry om vermaan te word - indien dit nodig sou wees.

Ander kere kan daar op bepaalde aspekte van die leer, lewe of ampswerk klem gelê word en elke lid van die vergadering moet vermaan word om daarop te let dat hy nougeset aan die vereistes van die saak voldoen.

2. TUG OOR AMPSDRAERS

2.1 Dit gebeur anders as by lidmate

Tug oor ampsdraers geskied anders as tug oor lidmate. Voordat die tug van artikels 71 tot 78 K.O. van toepassing word, moet die ampsdraer eers uit sy amp kom, want iemand wat onder die tug is, mag nie in die amp dien nie.

By ampsdraers word daar eers oor hulle amp gehandel wanneer hulle getug word. Dit gaan dus in die hele saak veral oor die handhawing van die waardigheid van die besondere ampte.

2.2 Onder watter omstandighede?

Die Kerkorde omskryf dat 'n ampsdraer tugwaardig is wanneer hy 'n sonde doen wat "vir die kerk skandelik of ook by die owerheid strafbaar is".

- Die bedrywer van die sonde maak homself eerloos in die wêreld.
- Hy maak hom in die kerk eerloos.
- Veral as sy sonde nog strafbaar is by die owerheid, word die eer van die Here en van sy gemeente aangetas.

Vergelyk hier 1 Timotheüs 3: 2 - 4, 8, 9, 12. Volgens die opdrag van 1 Timotheüs 5: 20 is die kerk verplig om op te tree teen ampsdraers wat hulle in leer of lewe misgaan.

2.3 **Hoe gebeur dit?**

Die kerkraad vergader oor die saak en skors die ampsdraer voorlopig uit sy amp - as hy skuldig is. Die kerkraad is die ouderlinge. Die diakens is nie teenwoordig nie.

Die skorsing deur die kerkraad is egter net voorlopig.

Dan roep die kerkraad dadelik 'n naburige kerkraad op, of hy roep twee naburige kerkrade se deputate op. Laasgenoemde werkwyse is die mees algemene in gebruik. Dit is gewoonlik moeilik om net 'n naburige kerkraad op te roep, want daardie kerkraad moet in dieselfde Klassis wees (dit kan nog maklik oorbrug word), maar daar moet ten minste 'n kworum van daardie opgeroepte kerkraad op die vergadering teenwoordig wees en dit is nie altyd so maklik om reg te kry nie.

Wanneer deputate opgeroep word, is dit twee ouderlinge en die predikant van elke gemeente. Dit geld natuurlik nie die konsulent se gemeente as die plaaslike predikant betrokke is as geskorste nie.

2.4 **Ondersoeke**

Die kerkraad moet eers die beskuldiging ontvanklik verklaar. Daar staan in 1 Timotheüs 5: 19 dat daar nie 'n beskuldiging teen 'n ouderling aangeneem mag word, behalwe op sterkte van die getuienis van twee of drie nie.

- Daar moet dus voldoende getuies wees.
- Die sonde moet gestaaf word.
- Die plek van sonde moet gestaaf word.
- Die tyd (geleentheid) moet bewys word.

Nou ondersoek die kerkraad die saak en hulle let op die volgende aspekte:

- Die aard en omvang van die sonde.
- Of die sonde openbaar is.
- Die mate van aanstoot (grofheid) wat dit gegee het.
- Of die sonde ook by die owerheid strafbaar is.

- Hulle gee aan die aangeklaagde die volle geleentheid om homself te verweer. Hy kry dus kennis van die vergaderings wat gehou sal word.

2.5 Verloop

Die kerkraad en die naburige kerkrade skors die ampsdraer.
Dit beteken dat hy bywoning van kerkraadsvergaderings ontsê word, asook die gebruik van die sakramente.

- Iemand wat oortree het, mag nie ontslag aanvra uit die amp net om skorsing of afsetting vry te spring nie.
- Skorsing is tydelike opskorting van 'n ampsdraer uit die ampsbediening. 'n Ampsdraer word geskors wanneer die kerkrade betrokke van oordeel is dat hy weer met vrug in sy amp kan dien nadat hy berou het en sy opregtheid aan die gemeente bewys het.

In hierdie gevalle is die skorsing ook net tydelik en vergader dieselfde kerke weer op 'n later datum om oor die herstel of afsetting van die geskorste te oordeel.

Indien die kerke dan oordeel dat daar geen berou en bekering was nie (dus: verharding en volharding), word die betrokke persoon uit sy amp afgesit.

- Afsetting is die oneervolle uitsetting uit die amp self. Die amp word die persoon ontneem.

By predikante verloop die saak in beginsel presies dieselfde, maar prakties is daar 'n verskil. Omdat die predikant deur die kerkverband beroepbaar gestel is, moet hy ook weer deur die kerkverband afgesit word uit sy amp.

Die verloop is dus soos volg:

- Die kerkraad skors die predikant voorlopig.
- Twee naburige kerkrade oordeel saam met die kerkraad oor die saak en indien die predikant skuldig is, bekragtig hullle die skorsing.
- Daarna word die saak na die Klassis verwys. Die Klassis mag oordeel dat na grondige berou die predikant weer in sy amp herstel mag word.
- Indien die Klassis oordeel dat die predikant afgesit moet word, word die deputate van die Partikuliere Sinode bygeroep om saam met die Klassis te oordeel oor die saak.
- Na afsetting word daar aan die hele kerkverband van die saak kennis gegee.

3. KONSISTORIEGEBRUIKE

3.1 Bywoningsregister

Die diakens moet register hou van die bywoning van die eredienste. Om dit te kan doen, word die belydende lidmate en die dooplidmate afsonderlik getel. Dit is noodsaaklik, want sonder hierdie registers kan die kerkraad tydens visitasie geen aanduiding gee van die kerkbesoek van die lidmate nie. Die diakens tel ook die ouderlinge en die diakens en skryf hulle afsonderlik neer.

Hoe die tellery deur die diakens plaasvind, kan hulle self reël. By elke deur kan een diaken die volwassenes tel en die ander een die kinders. Die ouderling en diakens kan net voor die diens getel word.

3.2 Registers van preke

Die taak word gewoonlik ook deur die diakens verrig. Dit behels bloot dat die teks waaroor die predikant die Sondag gepreek het, neergeskryf moet word. Ook die naam van die prediker word bygeskryf. Die kerkraad het hierdie inligting nodig om te weet wanneer die predikant watter preek gelewer het, hoeveel besoekende predikante deur die jaar gepreek het, ens.

By die behandeling van artikel 81 K.O. mag die kerkraad hierdie gegewens gebruik om die predikant te vermaan as hy net uit die Ou Testament of net uit die Nuwe Testament sou preek.

Dit mag ook uit hierdie gegewens blyk dat daar te min, of glad geen Kategismuspreke gelewer word nie. Daar mag selfs ondersoek kom na leerdwaling en dan moet sekere preke nageslaan word, en daarvoor is hierdie register noodsaaklik.

3.3 Register van Bandpreke

Vir al die preke wat op band opgeneem word, word daar 'n register aangelê met die volgende kolomme:

Preek	Datum gepreek	Versend na	Datum versend	Terug

Hierdie preke word so gereeld versend na lidmate in die uithoeke van die gemeente as wat dit besluit word deur die kerkraad. Die diakonie onderneem die uitvoering en instandhouding van hierdie diens in samewerking met die betrokke wyksouderlinge en die predikant.

Om die diens te kan onderhou, moet daar sorg gedra word dat daar gereeld 'n voorraad bande aangekoop word.

3.4 **Register van kollektes**

Hierdie saak is bloot administratief en dit kan gereël word wie hierdie plig moet onderhou. Meestal word dit deur die diakens wat die gelde getel en versorg het, in die konsistorieboek ingeskryf.

4. **ATTESTATE**

Die attestaatskriba is een van die poste wat die noukeurigste man op die kerkraad vereis om dit te vul. Daar word baie tyd, geduld en opoffering van hierdie persoon gevra. In sekere omstandighede mag die kerkraad selfs iemand buite die kerkraad benoem om hierdie pos te vul, solank die lidmaat net baie deeglik en betroubaar is.

- Die attestaatskriba ontvang alle attestate en lê dit aan die kerkraad voor. Wanneer die kerkraad dit dan goedkeur dat die lidmate oor wie geattesteer word, aanvaar word, skryf hy hierdie lidmate se volle name in die lidmateregister.

- Vertrekkende lidmate moet self hulle attestate aanvra (of die gemeente waarheen hulle verhuis het, kan dit doen). Hierdie aansoeke om attestate word ook weer aan die kerkraad voorgelê. Die kerkraad besluit dan of die betrokke lidmate getuienis van goeie leer ontvang en of daar 'n begeleidende brief mee saamgaan wat die volgende kerkraad op hoogte bring van sake soos bearbeiding of sensuur wat op die lidmate toegepas mag wees ten tye van die aanvraag.

- Belydende lidmate wat sterf, word as sodanig aangeteken in die registers.

- Kinders gedoop, word aangeteken soos volg:

  VAN:
  NAME VAN KIND:
  NAME VAN OUERS -
  VADER :
  MOEDER :
  DATUM GEBORE:
  PLEK GEBORE:
  DATUM VAN DOOP:
  PREDIKANT:

- Wanneer dooplidmate belydenis van geloof aflê, word hulle in die register aangeteken as belydende lidmate.

Uit al bogenoemde sake is dit baie duidelik dat die attestaatskriba die hulp van elkeen in die kerkraad nodig het.

Dit word soos volg gedoen:

- Elke ouderling moet elke jaar MEIMAAND 'n volledige lys van die belydende lidmate in sy wyk aan die attestaatskriba besorg, want hy moet dan die statistieke vir die ALMANAK versorg, en dit is 'n belangrike hulpmiddel om te weet wie het intussen vertrek sonder attestaat, wie het belydenis afgelê en wie is oorlede - of wie intussen aangeland het sonder om sy attestaat aan te vra.

- Wanneer attestate voorgedra word vir goedkeuring, moet die betrokke ouderling in wie se wyk die nuwe lidmaat val, dadelik kennis gee aan die attestaatskriba dat hierdie lidmate in sy wyk val - dit is om die wykslyste in orde te kry.

- Indien 'n lidmaat verhuis van een wyk na 'n ander een , rapporteer die ouderling dit onmiddellik in die ouderlinge-vergadering, sodat die attestaatskriba die verandering op die wyksindelingskaart kan aanbring. As hy te besig is, bring asseblief sommer self die verandering aan deur die kaartjie na die regte wyk te verskuif en daardie ouderling daarvan te sê. Die ouderling gee op sy beurt weer kennis aan die diaken.

In al hierdie dinge gaan dit daarom dat ons mekaar maar moet voorgaan in opoffering en diensbetoon. Ons doen nie die dinge vir onsself nie. Ons doen dit vir Iemand wat veel groter en hoër is as ons: die HERE.

HOOFSTUK 4

DIE OUDERLINGAMP

1. INLEIDING

Uit die oogpunt van gemeentebou is daar 'n ryke opdrag aan die ouderlingamp. Ons moet maar net ons amp gaan uitoefen ! Reeds in 1970 skryf W.J. de Klerk: "Ons tyd maak 'n besondere appèl op geestelike versorgers, want in en buite die kerk leef daar mense wat 'n dringende behoefte het aan diepgaande, simpatieke en Christusverankerde sielsorg."

Die Woord van die Here kom met 'n duidelike bevel aan die ouderling in Handelinge 20: 28: "Gee dan ag op julleself en op die hele kudde waaroor die Heilige Gees julle as opsieners aangestel het om as herders die gemeente van God te versorg wat Hy deur sy eie bloed verkry het."

DIE KERK BEGIN AL HOE MEER BESEF DAT DAAR IN DIE AMPTELIKE DIENS 'N KRAGTIGER HERDERLIKE AKSIE NA VORE MOET TREE.

- In 1982 vra Ds. Koos Vorster: "Is die praktyk van huisbesoek, veral dié van die ouderling en die predikant, nog gerig op dit waarvoor dit oorspronklik bestem is: om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk tot opbouing van die liggaam van Christus?" (Efesiërs 4: 11).
- In 1983 beklemtoon Ds. N.P. Heysteck die ander kant van hierdie saak: "Dit is daarom onmoontlik om te wil beweer, soos sommiges sê, dat die AMP (ouderlinge en diakens) primêr in die kerk is. Ook dié wat sê dat die gelowiges primêr is, is verkeerd. Die een is so belangrik soos die ander. Alle gawes en dienste is nodig om die gemeente goed te laat funksioneer. Wanneer 'n kerkraad en diakonie die werk van die ander lidmate oorneem, sterf so 'n kerk. Dit het werklik met die Roomse kerk gebeur in sy klerikalisme (verampteliking van alles)".

Teen hierdie agtergrond bly die ou en heerlike waarhede van die ouderlingamp 'n polsende uitdaging om in die 1980's dienswerk in die kerk van Christus te verrig.

2. WIE MAG AS OUDERLING VERKIES WORD EN HOE GESKIED DIT ?

Dis is baie belangrik om hierin die Skrifeise na te kom. (1 Tim. 3: 1 - 7):

'n Opsiener moet onberispelik wees, die man van een vrou, nugter, ingetoë, fatsoenlik, gasvry, bekwaam om te onderrig; geen drinker, geen vegter, geen vuilgewinsoeker nie, maar vriendelik, geen strydlustige, geen geldgierige nie, een wat sy huis goed

regeer en sy kinders met alle waardigheid in onderdanigheid hou. Maar as iemand nie weet om sy eie huis te regeer nie, hoe sal hy vir die gemeente van God sorg dra? Hy moet nie 'n nuweling wees nie, sodat hy nie verwaand word en in dieselfde oordeel as die duiwel val nie. Maar hy moet ook goeie getuienis hê van die buitestaanders, sodat hy nie in veragting en in die strik van die duiwel val nie.

Artikel 22 Kerkorde:

Die ouderlinge word deur die gemeente onder leiding van die kerkraad verkies volgens die reëlings wat daarvoor plaaslik in gebruik of deur die kerkraad vasgestel is. By hierdie reëlings staan dit elke kerkraad vry om vooraf aan die gemeentelede geleentheid te gee om die aandag op geskikte persone te vestig en om saam met die diakens vir die verkiesing die nodige aantal ouderlinge aan die gemeente vir approbasie voor te dra of om tweetalle of 'n dubbele getal te stel waaruit die gemeente die nodige aantal kies. Die verkose broeders word, nadat hulle name verskillende male afgekondig is en geen wettige beswaar ingekom het nie, bevestig volgens die formulier wat daarvoor vasgestel is.

3. DIE GESINDHEID WAARIN HIERDIE ROEPING OORWEEG MOET WORD EN, INDIEN DIT OPGEVOLG WORD, DIT OOK UITGEVOER MOET WORD

Hy wat julle roep, is getrou (1 Thess. 5: 24). Hierdie woorde is ons vertrekpunt as ouderlinge.

Die Here het ons geroep.
Hy rus ons toe.
Hy gebruik ons.
Hy maak ons gereed vir ons taak. (Thess. 5: 12-28).

Die amp van die ouderling is deur Christus ingestel. Dit het sy grond in die koninklike amp. Reeds van vroeg af het die oudstes in Israel in die "kerksake" 'n belangrike rol gespeel. Sake is aan die oudstes wat by die poort van die stad gesit het, voorgelê. Tydens die omwandeling van Christus lees ons van die oudstes dat hulle as ouderlinge optree. Gaandeweg kry ons die onderskeid tussen die oudstes in die volk en die ouderlinge in die kerk. Albei gawes van God, geroepenes van die Here.

In die Handelinge van die Apostels lees ons van die ouderlinge in die gemeente. Ook in die briewe van die Apostels en in die boek Openbaring lees ons van ouderlinge. Ons lees nie van 'n spesifieke instelling van die ouderlinge nie, omdat ouderlinge van die tyd van die Klassieke af al 'n instelling in die kultus was. Daar is uit baie vroeë jare al inskripsies in Egipte gevind wat die woord presbyter (ouderling) gebruik om 'n

ampsdraer in die godsdiens aan te toon. Die ouderlinge is in die Ou Testament manne wat die hele volk verteenwoordig. (Exodus 19: 7).

Tydens die Nuwe Testamentiese tyd was daar in die Sanhedrin ouderlinge, en die amp is net so oorgeneem in die Christelike kerk. Dit is dus glad nie 'n "nuwe" amp nie. Wat dit wel onderskei van hoe dit vroeër was, is dat hierdie ampsdraer nou deur die Drie-Enige God beroep, bevestig en toegerus word vir sy werk.

Die ouderling is 'n presbyter en vandaar ook die benaming van ons kerkregeringstelsel, die presbiteriale stelsel. Handelinge 11: 30 en 15: 2 toon dat die presbyteroi die leiding in die Jerusalemse kerk geneem het.

Die gesindheid van DEURGAANDE SELFONDERSOEK moet ook altyd by u as ampsdraer teenwoordig wees:

- U moet ernstig oor die volgende nadink en in die woorde van die Here Jesus Christus lewe: "As julle hierdie dinge weet, salig is julle as julle dit doen".
- Christus is Koning oor die ganse aarde. Erken en bely u dit? Navolging van ons Koning beteken dat u besef dat Jesus Christus nie net aan die kruis vir u sondes betaal het nie, maar vandag alles bepaal, laat gebeur en lei. In elke situasie waar u kom, is Hy as Koning besig. Hy moet vir u 'n lewende werklikheid wees - u VERLOSSER EN U KONING.
- Daarom moet u in gehoorsaamheid aan die Woord lewe en om dit te kan doen, moet u die Bybel ken - nie net lees nie, maar daarna luister as die stem van u Koning wat met u praat. DOEN wat Hy sê.
- Gereelde gebed en afsondering waarin u besig is met die Here, is nie net noodsaaklik vir elke kind van die Here nie, maar des te meer vir u as ampsdraer. Praat met die Here! Doen voorbidding vir elke lidmaat in u sorg. Begin u ampswerk biddend.
- U as voorganger moet self 'n lewende steen wees in die kerklike gebou. Nie uit plig nie, maar omdat u kind is van die lewende God. Hierdie dinge moet lei tot 'n voorbeeldige lewe.
- Hoe kan u met 'n lidmaat praat oor die genade van skuldvergifnis as u self onder skuldgevoelens gebuk gaan en daardeur vergeet dat die Here u vergewe het!?
- Hoe kan u met ander opskerp tot gelowige aanvaarding as u self nog vashou aan die mens se onvermoë en op prinse vertrou!?
- Hoe kan u van liefde praat as uself voorwaardelik liefhet of in vyandskap met iemand leef?
- U kan nie oortuigend vermaan as uself in ongehoorsaamheid lewe nie.
- Kerkbesoek
- Kerklike bydraes
- Huweliksvrede
- Vertroue
- Stryd teen die sonde
- Wees geduldig en luister, al vra dit u tyd en opoffering.

- Betoon die liefde waarvan u self volgemaak is.

- Tree met durf en geesdrif op oor ons kerk.
- Sien die mooie raak en nie net die foute nie.
- Wees altyddeur bly en positief.
- U is bekwaam tot enige goed en die vernaamste van die sondaars (vergelyk Paulus). Maar die Here wil u juis gebruik en het u lief! Selfondersoek lei tot 'n lewe waarin ons onsself vergeet. Dit is wanneer 'n ouderling hierdie dinge weet dat sy amp nie net druk nie, maar blydskap bring. "U genade is vir my genoeg!"

4. WAT U KAN DOEN OM BETER VIR U AMP TOEGERUS TE WORD

Tydens vergaderings sal gedurig van u vereis word om beslissings oor gewigtige sake te help maak. Daarvoor moet u gedurig uself slyp in die kennis van die Gereformeerde leer, asook aan watter kenmerk die kerk moet voldoen asook die sakramentele gebruike in ons kerke.

'n Handige werk "Leer en Lewe" deur ds J.J. Feenstra, kan gerus deur u saam met 'n Kerkorde aangeskaf word. Ook ons belydenisskrifte agter in die Psalmboek is 'n gawe van die Here aan sy kerk wat u moet lees en herlees.

Dit is ook belangrik dat u as ouderling weet wat dit beteken om uit 'n mindere vergadering na 'n meerdere vergadering te appèlleer en hoe dit behartig moet word.

5. APPèL PROSEDURE

Prosedure vir behandeling van appèlsake - Sinode 1939, artikel 135. Vir die behandeling van appèlsake volgens artikel 31 Kerkorde, is ons aangewys op die volgende drie beginsels:

5.1 Dat beroep op meerdere vergadering moontlik is

Die veronderstelling is dat besluite van kerklike vergadering feilbaar is. Daarom is dit moontlik om teen vermeende foutiewe besluite te appelleer, sodat hulle getoets kan word aan die Woord van God. Die volgende aspekte word in aanmerking geneem:

5.1.1 Beroep op meerdere vergaderings is moontlik as "iemand 'n klagte het dat hy deur die uitspraak van 'n mindere vergadering verongelyk is." Dus: alleen by krenking van reg mag geappelleer word.

5.1.2 Die appèl moet wees van 'n mindere na 'n meerdere vergadering.

5.1.3 Die appellant moet die gronde van sy besware in eie woorde skriftelik voor die meerdere vergadering lê, en daarnaas die mindere vergadering se besluit waarteen geappelleer word, in die offisiële redaksie. As die appellant verkies, mag hy in persoon verskyn om verdere toeligting te gee op sy besware.

5.1.4 As iemand volgens hierdie artikel wil appelleer, moet hy aan sy kerkraad, of in die geval van 'n meerdere vergadering aan dié, van sy voorneme kennis gee binne die tyd van ses weke na die datum van kennisgewing waarin hy skriftelik kennis kry van die beslissing waarteen hy appelleer. (Sinode, 1936, artikel 151).

5.2 Die meerderheid beslis

Die tweede beginsel is: die meerderheid beslis, naamlik "wat deur die meeste stemme goedgevind is, moet as vas en bindend beskou word." Die minderheid moet hom onderwerp aan die meerderheid. Eis is dus dat die diskussie oor 'n appèl die saak so ryp moet maak dat die besluit met 'n besliste meerderheid geneem kan word.

5.3 "...Tensy bewys word dat dit ... verander is'

Die derde beginsel is vervat in die woorde van artikel 31 Kerkorde: "tensy bewys kan word dat dit ... verander is. "Die bedoeling van hierdie deel van die artikel is duidelik":

- Kerklike besluite is geldig tensy hulle in stryd is met die Woord van God.
- In konkrete gevalle mag kerklike besluite nie indruis teen die artikels van die Kerkorde nie, solank die artikels nie verander is nie.

Op grond van hierdie grondbeginsels vereis 'n vrugbare prosedure dat, indien nodig, by die aanvang van die sitting van 'n meerdere vergadering (Klassis, Part. Sinode of Nasionale Sinode) 'n spesiale appèlkommissie benoem word, waarvan die professor in Kerkreg indien hy teenwoordig is, ex officio (uit hoofde van sy amp) lid moet wees; alle appèlsake word dan na daardie kommissie verwys, wat belas word om:

- Alle stukke in verband met die appèl na te gaan en te beoordeel of die appèl ontvanklik is.
- Die appellant te hoor met sy getuies en die verdediging van die liggaam waarteen geappelleer word.
- Die meerdere vergadering van advies te bedien omtrent die besluit wat geneem moet word na 'n kort uiteensetting van die feite in die appèl aangevoer. Wel te verstaan, behoudens die reg van die appellant volgens artikel 31 Kerkorde.

5.4 Alle tugsake word agter geslote deur behandel

Punt 4c van die besluit van die Sinode van 1939, artikl 135, insake prosedure vir die behandeling van appèlsake, word soos volg geïnterpreteer: "Die appellant en die verweerder moet na die rapport van die appèlkommissie ter tafel geneem is, die reg tot repliek hê. (Sinode 1973, artikel 66).

5.5 **Wanneer 'n ouderling bevestig word**

Met u bevestiging as ouderling moet u ook met die hand bevestig wat u met die mond beloof het: Kerkorde artikel 54: "Ook die ouderlinge en diakens .. moet die Formuliere van Eenheid onderskryf en onderteken."

Op hierdie ondertekeningsformulier vir ouderlinge en diakens is deur die Sinode van 1967 besluit (Handelinge 154), en lui soos volg:

"Ek, die ondergetekende Ouderling/Diaken van die Gereformeerde Kerk N. verklaar opreg en met 'n goeie gewete voor die Here met hierdie handtekening van my dat ek van harte gevoel en glo dat al die artikels en stukke van die leer wat vervat is in die Drie Formuliere van Eenheid van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika in alles met die Woord van God ooreenkom.

Ek beloof daarom dat ek, volgens die eis van my amp, die voornoemde leer getrou sal handhaaf, verdedig, direk of indirek te doen, te leer of te skrywe, en dat ek alle dwalinge wat teen hierdie leer stry, sal teëstaan, weerlê en help om dit uit die kerk te weer. Verder beloof ek om enige bedenkinge wat ek teen hierdie leer of sekere punte daarvan mag hê, eers aan die kerkraad bekend te maak om daaroor ondervra te word, terwyl ek beloof om my gewilliglik te onderwerp aan die oordeel van die kerkraad volgens die bepalings wat daarvoor in die Kerkorde gestel is.

En as die kerkraad te enigertyd om gewigtige redes ter wille van die eenheid en die suiwerheid van die leer, dit nodig mag ag om van my 'n nadere verklaring van my gevoele oor enige punt van bogenoemde leer te vra, beloof ek dat ek altyd daartoe bereid sal wees.

Ek behou egter vir myself die reg van appèl voor as ek miskien meen om deur die uitspraak van die kerkraad verongelyk te wees, met dien verstande dat ek gedurende die tyd van appèl my sal onderwerp aan die uitspraak van die genoemde vergadering."

6. **DIE PLIGTE VAN 'N OUDERLING**

In die Nuwe Afrikaanse Vertaling van die Nuwe Testament word die volgende verklaring van ouderlinge gegee: "Ouderlinge was waardige manne, meesal die oudstes, wat aangestel of gekies is om naas die apostels of in hulle afwesigheid vir die gemeente sorg te dra en die nodige beheer uit te oefen ... (Handelinge 11: 30; 14: 23; 15: 2; 16: 4). Hulle werk word vroeg reeds verbind met 'n amp, die ouderlingsamp (Filippense 1: 1). Om die amp te kan beklee moet die ouderling, wat soms ook "opsiener" genoem is, aan strenge vereistes van onberispelikheid voldoen (Timotheüs 3: 1 - 7; Titus 1: 6 - 9). Sy taak is om toesig te hou oor die kudde van God

(Handelinge 20: 28 ev.; 1 Petrus 5: 1 - 3). Die 24 Ouderlinge van Openbaring 4: 4; 5: 5; 7: 11; 14: 3; 19: 4, wat rondom die troon van God staan, is die verteenwoordigers van die Volk van God van die Oue en Nuwe Testament."

Ook die Nederlandse Geloofbelydenis, Artikel 31, stel die ouderlinge (onder andere) se taak soos volg: "Ons glo dat die bedienaars van die Woord van God, die ouderlinge en diakens vir hulle ampte gekies moet word deur wettige verkiesing van die kerk, met aanroeping van die Naam van God en goeie orde, soos die Woord van God leer. So moet elkeen dan daarvoor oppas om nie deur onbehoorlike middele homself in te dring nie, maar hy moet die tyd afwag dat hy deur God geroep word, sodat hy getuienis kan hê van sy beroeping om daarvan seker en gewis te wees dat dit van die Here kom. En aangaande die bedienaars van die Woord - in watter plek hulle ook al mag wees - hulle het een en dieselfde mag en gesag, omdat hulle almal dienaars van Jesus Christus is, die enigste algemene Opsiener en die enigste Hoof van die kerk. Dat bowendien die bevel van God nie geskend sal word of in veragting sal kom nie, sê ons dat almal die bedienaars van die Woord en die Ouderlinge van die Kerk in besondere agting behoort te hou. Ons doen dit in opdrag van die Here en ter wille van die werk wat hulle doen. Daarom moet ons in vrede met hulle lewe, sonder murmering, twis of tweedrag.

HOOFSTUK 5

DIE OUDERLINGAMP

DIE OUDERLING IN AKSIE

Ons kom nou by die praktiese dinge wat 'n ouderling se amp van hom vra.

1. DIE OUDERLING EN SY MEDE-AMPSDRAERS

1.1 U en u mede-ouderlinge

Aan die begin van die jaar is daar 'n geleentheid waartydens kerkraadslede en hulle eggenotes gesellig saam tee drink. Ouderlinge moet dit bywoon. Luister na die nood van 'n medebroeder en staan hom by. Ons opdrag om mekaar se laste te dra, strek baie verder as om net van mekaar te weet. Kuier by mekaar en voer gesprekke oor sake wat belangrik is. So sal u self verryk en versterk word.

1.2 U en u diaken

Noue spanwerk is nodig. U moet nie net voorbeeld wees vir die diaken nie, maar hom sien as 'n ampsdraer met 'n eie taak wat saam met u die verantwoordelikheid in 'n spesifieke wyk het. Noue kontak tussen u gesinne werk entoesiasme oor u wyk in die hand. Lidmate praat van hul ouderling en hul diaken. U en u diaken moet met ywer praat van "ons" wyk!

1.3 U en u pastorie

Die pastorie kan maklik die skyf word van lidmate se ontevredenheid teen die kerk. Beskerm u predikant. Bid vir hom en sy gesin. Vermaan hulle as hulle dwaal. Vertroos en bemoedig hulle as hulle eensaam voel.

1.4 U en u mede-ampsdraers

'n Kerkraad wat met blydskap vervul is, sal 'n gemeente tot blydskap opwek. Meelewing onder ampsdraers lei tot meelewing in die gemeente. Eerlikheid en openhartigheid onder mekaar werk 'n gees van liefde en vertroue. U word deel van 'n Kerkraad wat deur die Here se genade in liefde met mekaar praat. U sal die géés tydens vergaderings aanvoel. Bou saam daaraan.

2. HUISBESOEK

Behalwe die prediking is huisbesoek dié dieptewerk in die gemeente. Die huisbesoek van die ouderling is die voorlinie in die kerklike werk - die vinger op die pols van die lidmate - die intiemste gesprekspunt.

2.1 Besondere uitgangspunte

- U kom in die naam van Christus.
  Dit bepaal die atmosfeer.
  U eie optrede.
  Die gespreksinhoud.

- U bring Sy Woord en nie menslike wysheid nie. Hy werk deur Sy Gees en u is slegs instrument.

DIT MAG DIE OUDERLING NOOIT VERGEET NIE.

- 'n Skerpgemaakte instrument verrig sy taak behoorlik.
  Daarom moet u alles in u vermoë doen om uself vir die besoek toe te rus en voor te berei.

2.2 Vereistes vir die gesprek

2.2.1 'n Ouderling moet kan luister met al sy sintuie.

- Met sy ore na wat gesê word en hoe dit gesê word.
- Met sy oë deur te kyk na die omstandighede in die huis, die optrede van lidmate.
- Hy moet kan aanvoel wat nie gesê word nie.
- Hy moet kan hoor wat eintlik gesê word.

Bogenoemde riglyne maak nie van u huisbesoek 'n "inspeksie"- geleentheid nie, maar 'n <u>simpatieke besoek</u> waartydens u wil dien en alles in u vermoë doen om die doel te bereik.

2.2.2 As u reageer, vra uself wat sou Christus gedoen en gesê het.

2.2.3 Doen alles - ook vermaning, opskerping, vertroosting - in 'n gesindheid van liefde, betrokkenheid en belangstelling.

2.2.4 Dit gaan tydens huisbesoek om die gesin en elke lid se verhouding met die Here. Ondersoek dit, bou en versterk dit.

2.3 Die huisbesoek self (gewone huisbesoek)

- Maak 'n afspraak met die betrokke gesin. Die gesin het dus geleentheid om hulle voor te berei en u is seker dat daar nie ander dringende sake is wat die atmosfeer een van net-gou-huisbesoek- doen", sal maak nie.

- Berei u tuis voor deur 'n toepaslike Skrifgedeelte te kies met betrekking tot u kennis van 'n betrokke huis of 'n tema waarop u besluit vir die betrokke huisbesoek. Maak vir u 'n opsomming wat u in u Bybel plaas oor wat u tydens die besoek wil sê. Maak ook 'n lysie van toepaslike Skrifgedeeltes wat u dalk nodig kan kry in besondere omstandighede.

- Kontroleer u lidmaatkaarte. Hou rekening tydens u voorbereiding met die feit dat by sommige huise kinders sal deel hê aan die huisbesoek. Maak die nodige aantekening van kerkraadsopdragte.

2.4 **Voorbeeld van huisbesoekvoorbereiding**

Nagmaal 17.8.80 Tema: Groei ons in ons geloofslewe?
Efes. 4: 11 - 16.

Vrae - Wat beteken kerkbesoek vir u as gesin.
Voel dit soms of u gebed koud en leeg is? (Voer gesprek)
Is dit nie omdat ons nie groei in ons geloofslewe nie?
Ons moet meer kennis hê - Bybellees
Kerkbesoek
Gesprekke - vriende
Gebed
Ek wil vir u lees wat die Here hieroor sê -
Lees Efes. 4: 11 - 16

Deelname aan kerklike aktiwiteite

Vrae oor die prediking

Opdrag van die Kerkraad

1 Vind uit oor Die Kerkblad
2 Vrymoedigheid om Nagmaal te gebruik
3 Gemeente-byeenkoms om 6 uur die ...

- Tydens die huisbesoek kan u die volgende tydsindeling probeer handhaaf

Groet en algemene gesprek	5 min
Tema en gesprek	15 min
Algemeen kerklike sake	5 min
Skriflesing en gebed	

U kan die besoek binne 30 minute afhandel.

- Waaroor kan en moet daar gepraat word:

  Onderlinge meelewing en gemeentlike aktiwiteite
  Verbondsonderrig (Katkisasie en Christelike onderwys - Skool)
  Kerkbesoek
  Bydraes
  Besluit van die Kerkraad
  Bybelverspreiding
  Sending
  Evangelisasie
  Die prediking
  Bybellees
  Gebed
  Geloofsekerheid
  Geloofsgroei
  Verbond
  Uitverkiesing
  Hoop
  Dankbaarheid
  Gehoorsaamheid
  Huisgodsdiens
  Die Koningskap van Christus
  Vriendekring en ontspanning
  Leesstof
  Opvoeding
  Menseverhoudings
  Verleiding
  Lewensdoel
  Roeping in die volkslewe

Kies een of twee van bogenoemde onderwerpe met elke huisbesoek. (Eintlik kan die hele NGB as onderwerpe bespreek word).

- U moet u besoek inklee na aanleiding van die omstandighede en behoefte. Soms ontvang u 'n huisbesoekbrief wat u kan voorhou.

- Met die oog op Nagmaal.

Voordat aan u lidmate gevra word of hulle die vrymoedigheid het om nagmaal te gebruik, kan oor die nagmaal self gepraat word. So nie, kan u een besoek per jaar spesifiek op die nagmaal toespits.

Verneem of daar enige sake is waaroor die lidmate wil praat, of vrae, of 'n versoek aan die kerkraad wil rig.

U en die lidmate moet na die besoek kan sê - Die Here was hier.

2.5 Huisbesoek saam met die predikant

Dit is ons gebruik dat as die predikant in u wyk saam met u huisbesoek doen, hy die leiding neem. Hy kan u wel vra om 'n gebed te doen. Uit die aard van die saak is u die wyksouderling en moet u oor die gesin verslag doen en moet u uself dus vergewis van die probleme, vreugdes of vrymoedigheid om nagmaal te gebruik.

3. WYKS- EN GROEPHUISBESOEKE

Dit blyk net eenvoudig noodsaaklik, veral in die stadsbediening, dat die lidmate van die wyk nie somtyds net kan nie, maar m.i. moet byeengebring word vir groephuisbesoek.

Probleemgevalle sal hier anders hanteer moet word. Hulle kan desnoods na die groepbyeenkoms opgesoek word.

4. VERSLAG AAN DIE OUDERLINGE

Voor elke nagmaal vergader die ouderlinge en u doen dan verslag oor u wyk.

Dit word soos volg gedoen: Elke ouderling ontvang 'n spreekbeurt en doen dan verslag oor: huise nie besoek nie, probleme in verband met kerkbesoek, bydrae, katkisasie of enige probleem wat bekend gemaak moet word. Hierdie sake word uitgesonder om te voorkom dat verslae te lank is. Ouderlinge moet veral ook positiewe dinge rapporteer. Verslae kan soms die indruk wek dat daar net probleme in 'n wyk voorkom. Name van lidmate word slegs bekend gemaak nadat die ouderling self vermaan (dit raak probleemgevalle) en 'n naburige ouderling saam met hom geneem het. Die saamneem van 'n naburige ouderling is iets wat u op eie inisiatief doen. U gee egter met u verslag wel kennis dat u 'n probleem met byvoorbeeld kerkbesoek ondervind en daarmee werk. Die kerkraad se advies kan ook gevra word, maar lidmate se name word slegs bekend gemaak as u nie verder met die saak kan vorder nie.

5. DIE OUDERLING HET 'N WYE OPDRAG

"Die Kerkraad en Diakonie moet as verbindinge van die gemeente rekening hou met die volle verskeidenheid van die liggaam as gawe van die Gees. Dit doen God self in Sy Woord as aan die volgende persone 'n eie plek en funksionaliteit gegee word: jongmense, oumense, weduwees, vroue, siekes. Die verskeidenheid van genadegawes moet ook so doeltreffend en funksioneel as moonlik aangewend word tot opbou van elke gemeente in eie situasie in geleenthede soos preekbesprekinge, Bybelstudie, siekebesoeke, bemoediging aan dié wat dit nodig het ... en alle ander sake waarin die gemeente as gemeente van Christus moet leef" (Heystek, Almanak 1983 - p.200)

6. HOE MOET DIE GEMEENTE DIE OUDERLING HELP?

6.1 Take van lidmate

Die lidmate het egter ook 'n groot taak om vir huisbesoek voor te berei. En die eerste wat gedoen moet word, is om huisbesoek as 'n besondere geleentheid te beskou. Die predikant of ouderling of diaken word deur Christus self gestuur en deur die Heilige Gees gedryf om sy tyd vir 'n belangrike saak op te offer. Daarom moet dit vir die lidmaat ook so belangrik wees dat hy ander afsprake sal afstel en tyd en geleentheid vir deeglike huisbesoek skep. Sien lidmate huisbesoek nie veelal as 'n noodsaaklike ergernis nie? Dit is ook belangrik dat die regte omstandighede vir effektiewe huisbesoek geskep word. Dit kan gebeur deur die kinders tuis te hou, die TV af te skakel, die telefoon te ontkoppel en vriende en bure na 'n ander aand te verwys. Wanneer ons erediens hou, skep ons daarvoor die regte atmosfeer. Waarom nie ook vir huisbesoek nie?

6.2 Tyd maak

'n Groot struikelblok vir effektiewe huisbesoek is die tydsfaktor. Het ampsdraers tyd vir voorbereiding en lidmate vir so 'n intensiewe besoek? Ons moet eenvoudig die tyd daarvoor inrig. Dit sal alles makliker wees as ons terdeë besef dat een effektiewe huisbesoek - waarin die gesprek om ons geloofsband met God gaan - meer vrug dra as vyf kuiertjies waar dit om allerlei dingetjies of hoogstens om ons verhouding tot die kerkinstituut gaan. (Ds Koos Vorster).

Vgl. ook die Bevestigingsformulier: "Ag die ouderlinge wat goed regeer, dubbele eer waardig, stel u gewillig onder hulle toesig en regering".

7. TOEPASLIKE SKRIFGEDEELTES VIR BESOEK

Afvalligheid

Hosea 14:4
Filippense 3:13/14
Hebreërs 7:25
1 Johannes 1:9
Jeremia 3:6/12/22
Psalms 51:10/12
Jesaja 1:18
Jesaja 55:7

Alkoholisme/Dwelms

Psalms 27:14
Psalms 34:6
Psalms 40:17
Psalms 46:1
Spreuke 20:1
Spreuke 31:4/5
Jesaja 5:11
Jesaja 26:3
Jesaja 40:31
Jesaja 41:10
Habakuk 2:15
Matteus 21:22
Romeine 14:21
Efesiërs 5:18
Filippense 3:13/14

Belydenis

Psalms 32:1/5/6
Matteus 10:32
Lukas 12:8
Romeine 10:9/0
Filippense 2:11
Jakobus 5:16
1 Johannes 1:9

Bitterheid

2 Samuel 15:32
Job 21:25
Spreuke 14:10/11
Jesaja 28:15/17
Efesiërs 4:31
Hebreërs 12:14/15

Begrip/Oordeel

Eksodus 31:3
1 Konings 3:11/12
Psalms 47:7
Spreuke 2:11
Daniel 12:10
Lukas 2:47
Efesiërs 3:4/5
Efesiërs 5:17
Filippense 4:7
Kolossense 2:2
2 Timoteus 2:7
Hebreërs 11:3

1 Korintiërs 14:15/16

Bejaarde lidmate

Prediker 12: 1 – 8	Klem op vers 5. Die liggaam word afgetakel, maar die mens gaan na sy ewige huis.
Jesaja 46: 3, 4	Die Here dra ons tot die grysheid toe.
Psalm 71	Baie belangrik.
Psalm 90 en 91	
Jesaja 40: 21 – 31	Die Here gee krag.
2 Timoteus 4: 6 – 22	Die stryd van die geloof in die ouderdom.
Openbaring 20: 11 - 21	Die wederkoms.

Bemoediging

Psalms 32:1/6
Psalms 103:1/12
Prediker 7:7/20
Johannes 5:24
Romeine 3:20/31
Romeine 8:29/34
1 Korintiërs 1:8/9
Efesiërs 1:4/5
Kolossense 2:11/15
Kolossense 1:20/23
2 Timoteus 2:20/24
Hebreërs 6:16/20
1 Johannes 1:1/9
Judas 1:24/25

Depressie

Psalms 30:5
Psalms 34:15/17
Psalms 147:3
Jesaja 41:10
Jesaja 43:2
Jesaja 60:19/20
Jesaja 61:3
Jeremia 17:8/8
Lukas 18:1
Johannes 14:8
Romeine 8:26/27/38/39
2 Tessalonisense 1:10/17
Hebreërs 13:5
1 Petrus 4:12/14
Petrus 5:6/7
Openbaring 2:10
Openbaring 7:15/17
Openbaring 21:4

Doop

Matteus 3:1/3/6/11/16	
Matteus. 28: 16 – 20	Die instelling van die doop
Handelinge 1:5	
Handelinge 2:37 - 47	Van geslag tot geslag

Handelinge 8:12/13
Johannes 3:5/22/27
Romeine 6:3/4
1 Korintiërs 10:2/3
1 Korintiërs 12:13
Galasiërs 3:27
Genesis 17: 1 – 14
Psalm 105: 1 – 11 — Die verbondsbelofte vir die wat die verbond onderhou.
Prediker 5: 1 - 5 — Die erns van 'n belofte.

Egskeiding

Markus 10:2/13
Lukas 16:16/18
1 Korintiërs 7:10/17
Numeri 30:9/16
Deuterononium 24:1/4

Finansiële Probleme

Spreuke 20:4/13
Filippense 4:19
Matteus 4:19
Josua 1:8
Job 36:11
Psalms 35:27
Jesaja 48:15
Johannes 10:10
3 Johannes 1:2
Lukas 6:38
Handelinge 20:35
2 Korintiërs 9:6/8
Prediker 11:1
Spreuke 19:17

Gebed

1 Samuel 15:25
2 Kronieke 7:14
Matteus 6:6/7/9
Matteus 19:13
Matteus 21:22
Markus 5:23
Markus 14:32/38
Lukas 1:13
Lukas 16:12
Lukas 19:46
Johannes 17:9
Handelinge 4:31
Romeine 8:26
1 Korintiërs 7:5
1 Korintiërs 14:14/15
Efesiërs 6:18
Kolossense 1:3
1 Tessalonisense 5:17/25
2 Tessalonisense 1:11
3 Tessalonisense 3:1
1 Timoteus 2:1
Jakobus 5:15/16

Psalm 57 — Dawid worstel en kom dan tot rus, vers 8.
Matteus 6: 5 - 15 — Die gebed van die Here
Lukas 11: 5 - 13 — Gebedsverhoring
Lukas 18: 1 - 8 — Volhard in die gebed
2 Korintiërs 12: 1 - 10 — Die Here verhoor soos Hy dit die beste dink.
Efesiërs 6: 10 - 20 — Die gebed is die kroonstuk van ons

	wapenrusting.
1 Timoteus 2: 1 – 8	Bid vir die mense.
Jakobus 3: 13 - 4: 3	Die leegheid van die lewe sonder gebed.

Geestelike Genesing

Eksodus 15:26
Psalms 103:2/3
Psalms 107:19/20
Psalms 147:3
Jesaja 53:3/5
Matteus 4:23/24
Matteus 10:7/8
Matteus 9:35
Matteus 14:4
Markus 16:20
Lukas 6:17/19
Lukas 10:9
Handelinge 5:12/15
Handelinge 8:6/7
Handelinge 10:38
Handelinge 14:8/10
1 Korintiërs 12:28
Jakobus 5:16
1 Petrus 2:24

Geestelike Opbouing

Handelinge 9:31
Handelinge 14:19
1 Korintiërs 8:1
1 Korintiërs 10:23
1 Korintiërs 14:3/4
1 Korintiërs 14:5/12
1 Korintiërs 17:17
Romeine 14:19/26
2 Korintiërs 10:8
2 Korintiërs 12:19
2 Korintiërs 13:10
Efesiërs 4:12/16/29
Tessalonisense 5:11
1 Timoteus 1:4

Geloof

Habakuk 2:4
Matteus 6:30
Matteus 9:22
Matteus 17:20
Markus 11:22
Lukas 7:5/50
Handelinge 6:8
Handelinge 14:9
Romeine 1:17
Romeine 3:25
Romeine 10:17
2 Korintiërs 5:7
Galasiërs 3:11
Jakobus 2:17
Efesiërs 3:11
1 Tessallonisense 5:8
Titus 6:12
Hebreërs 10:38
Hebreërs 11:1/6
Hebreërs 12:2
Jakobus 1:3
Jakobus 2:17/18/26
2 Petrus 1:5
Openbaring 13:10
Openbaring 14:12

Geloofsekerheid

Romeine 8: 31 - 39	Oorwinning van die beproefde.

Hebreërs 11
1 Johannes 4: 7 - 21 Hieraan weet ons.
Deuterononium 30:11/14
Lukas 20:35/36
2 Timoteus 3:14
Johannes 3:3
Johannes 6: 35 - 47 Wie in My glo, het die ewige lewe.
Johannes 11:25
Johannes 51:28/29
1 Johannes 3:19
Jesaja 26:19
Daniel 12:12
1 Korintiërs 15:49-54
1 Tessalonisense 4:14-17
Matteus 10:30/31

Geloofsgroei

Efesiërs 4: 11 - 16
Efesiërs 5: 1 - 21 Vers 15: Ons moet nougeset lewe.
Filippense 1: 17
1 Thessalonisense 5: 12 – 28 Lewe so.
Jakobus 2: 14 - 26 'n Werkende geloof.

Heilige Gees

Jesaja 28:12
Joël 2:28/29
Matteus 3:11
Johannes 15:26
Handelinge 1:1/8
Handelinge 2:14/17
Handelinge 8:14/17
Handelinge 10:44/47
Handelinge 13:9
Handelinge 19:6
1 Korintiërs 12:1/9/4
1 Korintiërs 14:1/12
Romeine 8:26/27
Romeine 12:6

Heiligheid

2 Kronieke 20:21
Psalms 29:2
Jeremia 2:3
Lukas 1:74/75
Romeine 6:22
2 Korintiërs 7:1
Efesiërs 4:24
1 Tessalonisense 4:7
1 Timoteus 2:15
Hebreërs 12:14

Hoogmoed

Psalms 10:4
Daniel 5:20

Psalms 36:10/11
Spreuke 11:2
Spreuke 16:18
Spreuke 29:23
Jeremia 49:16
Jeremia 49:16

Markus 7:22
Timoteus 3:6
1 Johannes 2:16
Jakobus 4:6/10
1 Petrus 5:5/6

Hoop

Job 16:188
Job 5:16/18
Job 14:7
Psalms 16:8/11
Psalms 31:24
Psalms 42:11
Psalms 119:114/119
Spreuke 10:28
Jeremia 17:7
Jeremia 17:17

Klaagliedere 3:24
Lukas 6:35
Lukas 23:8
Romeine 5:2
Romeine 8:25
1 Korintiërs 13:7
Galasiërs 5:5
Titus 1:2
Hebreërs 7:19
Hebreërs 11:1

Huisdodsdiens en Christelike opvoeding

Deuteronomium 6: 1 - 12 Ons voorbeeld.
Psalm 34: 12 - 23 Om te lees waar jong kinders in die huis is.
Psalm 127 en 128 Die seën van 'n huisgesin waar die Here gedien word.
Markus 10: 13 - 23 Die kind te lei na Christus.
Matteus 26: 26 - 30 Belangrikheid van huisgodsdiens.
Efesiërs. 6: 1 - 7 Opvoeding en tug.
2 Timoteus 1: 1 - 14 Geloof moet deurgegee word.

Huweliksprobleme

1 Korintiërs 13 Die liefde.
Matteus 19: 1 - 12
Romeine 13: 8
Psalms 27:14
Psalms 147:3
Efesiërs 4: 1 - 6 Verdra mekaar
Efesiërs 5: 22 – 33 Regte gesagsverhouding

Efesiërs 5:28/29/33
Efesiërs 6:12
Jakobus 1:5
1 Petrus 3:7

Jongmense

Psalm 119: 9 - 16 Waarmee sal die jongeling sy pad suiwer hou.
Spreuke 1: 1 - 19 Luister na jou ouers.

Daniël 1: 1 - 17	Staan by jou beginsels
Markus 10: 17 - 31	Die Here vra alles.

Kennis

Eksodus 31:3	Daniël 5:12
1 Samuel 2:3	Habakuk 2:14
1 Kronieke 1:10	Matteus 14:35
Job 36:4	Lukas 1:77
Psalms 119:66	Handelinge 4:13
Spreuke 1:7	Romeine 11:33
Spreuke 2:6	1 Korintiërs 8:1
Spreuke 3:8	2 Korintiërs 4:6
Spreuke 8:10	Efesiërs 1:17
Spreuke 12:1	Filippense 1:9
Spreuke 18:15	Filippense 3:9
Spreuke 22:17	Kolossense 1:9/10
Spreuke 23:12	Timoteus 2:4
Prediker 2:19	Petrus 1:3
Jesaja 11:1/2	Petrus 1:6
Jeremia 3:15	2 Petrus 3:18

Kerkbesoek

Psalm 84	Blydskap as hulle by die tempel kom.
Psalm 92	Blydskap as hulle by die tempel kom.
Psalm 122	Blydskap as hulle by die tempel kom.
Lukas 16: 19 - 31	Moenie die gepredikte woord verag nie.
1 Thessalonisense 5: 12 - 28	
Hebreërs 4 en	
Hebreërs 10: 19 - 31	
Romeine 10	

Kritiek

Psalms 39:1/9	Romeine 14:10/13
Spreuke 15:3/4	Filippense 2:14/15
Matteus 7:1/5	Jakobus 3:1
Lukas 6:35/38	Jakobus 4:11/12
Romeine 2:1/4	Jakobus 5:9

Leiding

Eksodus 15:13	Psalms 78:53
Psalms 25:14	Spreuke 3:5/6

Psalms 27:11
Psalms 32:8
Psalms 37:5/23
Jesaja 42:16
Johannes 16:13/15
Handelinge 8:30

Liefde

Levitikus 19:18
Deuterononium 6:5
Psalms 5:11
Psalms 18:1/2
Psalms 116:1/2
Spreuke 10:12
Hooglied 2:4
Hosea 14:4
Miga 6:8
Matteus 6:5/6
Matteus 22:37
Lukas 6:27
Johannes 13:34
Johannes 14:15
1 Korintiërs 8:3
Galasiërs 5:6/22
1 Tessalonisense 1:3 - 3:12
1 Tessalonisense 3:12
Jakobus 2:15
Jakobus 4:7/19/21

Louheid

Lukas 9: 51 - 62
Openbaring 3: 14 - 21 (15 en 16)
Jakobus 2: 14 - 26 (14 en 17)
2 Thessalonisense 3: 1 - 15 (10 en 12)

Moedverlorenes

Josua 1:5/6
Psalms 42:11
2 Korintiërs 5:7
2 Korintiërs 10:5
Filippense 4:6/7
Hebreers 10:35/36
1 Petrus 5:7

Nagmaal

Jesaja 55	Die water van die lewe verniet.
Psalm 23	
Matteus 26: 17 - 30	Die instelling van die nagmaal.
Markus 14: 12 - 26	Die instelling van die nagmaal.
Lukas 22: 7 - 23	Die instelling van die nagmaal.
Johannes 6: 1 - 15	Jesus voorsien die tydelike sowel as die ewige.
Johannes 6: 22 - 59	Gedeeltes hieruit oor die brood van die lewe.
Johannes 15: 1 - 11	"Ek is die ware wynstok".
Romeine 12: 1 - 21	Dankbaarheidslewe.
1 Korintiërs 11: 17 - 34	Die instelling van die nagmaal en die voorafgaande selfondersoek.
Openbaring 19: 1 - 10	Die nagmaal wys op die ewige bruilofsmaal.

Ongereddes

Spreuke 22:6
Matteus 14:16
Matteus 18:19
Lukas 1:37
Handelinge 16:31
1 Petrus 3:1 - 3:14/16
2 Petrus 3:9

Persoonlike Probleme

Psalms 27:1
Psalms 34:19
Psalms 55:22
Psalms 118:6
Spreuke 10:29
Spreuke 3:5/6
Jeremia 33:3
Daniel 11:32
Joël 3:10
Matteus 6:34
Romeine 8:288
1 Petrus 1:6/7

Redding

Lukas 19:10
Johannes 1:12
Johannes 3:3/16
Johannes 8:32
Johannes 10:9/10
Johannes 14:6
Handelinge 16:31
Romeine 3:23/24
Romeine 5:8
Romeine 6:23
Romeine 10:9/10
Efesiërs 2:8/9
Hebreërs 2:3
Hebreërs 12:2
1 Johannes 1:9
1 Johannes 5:11/12
Openbaring 3:20

Regverdigheid

Psalms 68:3
Psalms 98:2
Spreuke 15:6
Spreuke 15:9
Matteus 3:15
Matteus 6:1/4/33
Matteus 13:1/23
Matteus 25:37
Romeine 3:22
2 Korintiërs 5:21
Efesiërs 6:14/18
Filippense 1:9/11
2 Timoteus 3:16
Hebreërs 1:8/9
Hebreërs 11:7

Rook

1 Korintiërs 3:16/17
1 Korintiërs 6:20
Romeine 12:1/2
3 Johannes 2

1 Korintiërs 7:1

Selfmoord

Spreuke 18:24
Johannes 6:37
Johannes 10:10
Efesiërs 6:12
Psalms 46:1

Siekte

Genesis 50: 15 - 26
Psalm 23, 27, 38, 42,
57, 62, 73, 90,
121, 130 en 142
Jesaja 40: 27 - 31
Jesaja 43: 1 - 8
Sien ook gedeelte by diakens.
Psalm 73: 1 - 28
Eksodus 23:25
Matteus 4:23
Matteus 9:35
Matteus 8:16
Matteus 10:1
Matteus 14:14
Markus 3:15
Markus 5: 21 - 43 Veral vers 36
Markus 16:18
Lukas 9:1
Johannes 11:1/4
Handelinge 19:12
Jakobus 5:15

Skaam vir die geloof

2 Samuel 6: 12 - 23
2 Timoteus 1: 8

Skuld

Jesaja 1:18
Jeremia 31:34
Johannes 5:24
Romeine 8:1
Filippense 3:13/14
Hebreërs 8:12
1 Johannes 1:7/9

Smart

Josua 1:9
Nehemia 8:10
Psalm 32:11
Psalm 116:15
Jesaja 51:11
Jesaja 57:1
Jesaja 66:13
Jeremia 49:11
Matteus 28:20
Johannes 14:3
2 Korintiërs 5:8
2 Korintiërs 6:10
Filippense 1:21
Filippense 4:4
1 Tessalonis 4:13/18
Openbaring 21:4

Sonde

Psalms 51:2/3
Spreuke 14:34
Esegiël 33:14/15
Johannes 8:7/34
Romeine 6:14/20
Romeine 8:2
2 Korintiërs 5:21
Hebreërs 9:26
Hebreërs 12:1
Jakobus 1:15
1 Johannes 2:1
1 Johannes 5:17

Spanning

Jesaja 40:28/31
Eksodus 33:14

Sterfbed

Lukas 7: 11 - 17 — Christus het medelye.
1 Korintiërs 15: 20
Filippense 3: 20
Deuteronomium 32: 1 - 12 — Veral vers 11 en 12.
Openbaring 14: 6 - 13 — Veral vers 13. Duidelik by die Here.
1 Petrus 1: 6 — Blydskap in beproewinge.
Hebreërs 12: 1 - 13
1 Korintiërs 15 en
Romeine 8: 31 - 39 — Die opstanding.

Tale/Spraak

Jesaja 66:18
Markus 16:17
Handelinge 2:3/4
Handelinge 19:46
1 Korintiërs 12:10/28/30
1 Korintiërs 13:1
1 Korintiërs 14:5/6/23/39
Openbaring 7:9
Openbaring 10:11

Tiendes/Offergawes

Genesis 4:3
Genesis 14:20
Numeri 18:26/28
Deuterononium 12:6/11
Deuterononium 16:17
2 Kronieke 31:5/6
Nehemia 10:38
Maleagi 3:8/19
Matteus 23:23
Lukas 6:38
Lukas 1:10/14
Hebreërs 7:5/9

Towery/Okkulte

Eksodus 20:1/5
Levitikus 19:31
Jesaja 8:19
Jesaja 47:12/15

Levitikus 20:27
Deuterononium 18:10/20/22
2 Konings 21:3/5/6
1 Kronieke 10:13/14
Handelinge 16:16/18
2 Korinthërs 11:13/15
Efesiërs 4
Hebreërs 2

Twis

Matteus 18: 15 - 35
Efesiërs 4: 17 - 32
1 Johannes 4: 7 - 21

Twyfel

Matteus 14:31
Matteus 21:21
Markus 11:23
Matteus 28:17/20
Handelinge 10:19/20
Lukas 12:29/30
1 Timoteus 2:8

Vas

1 Samuel 7:6
2 Samuel 1:16
2 Samuel 12:22
Nehemia 1:4
Matteus 4:2
Markus 9:29
Handelinge 10:30
Handelinge 13:2
Handelinge 14:23
Handelinge 27:33
1 Korintiërs 7:5

Vergifnis

2 Kronieke 6:39
2 Kronieke 7:14
Psalms 24:18
Matteus 6:14/15
Markus 11:25/26
Lukas 6:37
Lukas 11:4
Lukas 23:34
2 Korintiërs 2:10
1 Johannes 1:9
Handelinge 13:38
Efesiërs 4:32
Kolossense 3:12/13
Matteus 6:12

Verslaafde

1 Petrus 1: 13
Hebreërs 12: 1 - 6
Wees nugter
Volhard
Sien veral handleiding Duvenhage en Strydom.
1 Korintiërs 10: 1 - 13
Efesiërs 6: 10 - 20
Vyand is te sterk vir ons.

Voorbidding

Jesaja 53:12
Jesaja 59:16
Jeremia 7:16
Jeremia 27:18
Jeremia 36:25
Romeine 8:26/27/34
Romeine 11:2
1 Timoteus 2:1
Hebreërs 7:25

Voorspoed

Genesis 39:3
Deuterononium 16:17
Deuterononium 23:6
Josua 1:8
Job 36:11
Spreuke 35:27
Jesaja 1:19
Lukas 11:9
3 Johannes 2

Vrede

Genesis 28:21
Numeri 6:26
Job 5:23
Markus 9:50
Johannes 14:27
Johannes 16:33
Romeine 5:1
1 Korintiërs 5:21
2 Korintiërs 13:11
Efesiërs 2:14
Efesiërs 6:23
Filippense 4:7
Kolossense 3:15
1 Tessalonisense 5:12/13
Hebreërs 12:14
Jakobus 3:18

Vrees

Genesis 15:1
Genesis 26:24
Levitikus 25:17
Deuterononium 1:21
1 Johannes 4:18
Job 3:25
Psalms 23:4
Psalms 27:1
Psalms 33:4
Psalms 91:4/5
Spreuke 1:33
Spreuke 29:25
Jesaja 35:3
Jesaja 41:10
Lukas 12:32
2 Timoteus 1:7

Waarheid

Deuterononium 32:4
Josua 24:14
1 Samuel 12:24
1 Konings 2:4
1 Konings 3:6
Sagaria 8:16
Lukas 9:27
Johannes 1:17
Johannes 14:6
Johannes 16:13

Psalms 25:5
Spreuke 3:3
Jesaja 65:16
Daniel 4:37
Efesiërs 5:9
1 Timoteus 2:4
1 Petrus 1:22
3 Johannes 1:4

Wedergeboorte

Matteus 10:29/31
Johannes 3:3/8
Johannes 3:15/17
Handelinge 2:38
Romeine 5:8
Romeine 10:9/10
2 Korintiërs 5:17
Galasiërs 4:1/7
Efesiërs 2:1/7
1 Johannes 4:9/21
Openbaring 3:20

Die weduwee

Sien gedeelte by diakens.

1 Timoteus 5: 5 en 9

Wysheid

Spreuke 1:20
Spreuke 2:22
Spreuke 4:5
Spreuke 4:20/24
Spreuke 8:1
Spreuke 8:11
1 Korintiërs 1:30
1 Korinthiërs 12:8
2 Korintiërs 4:14
Efesiërs 1:17
Kolossense 1:28
Kolossense 4:5/6
Jakobus 1:5
Jakobus 3:17
Openbaring 5:12

Die Heidelbergse Kategismus het 'n menigte teksverwysings in verband met ellende, verlossing dankbaarheid, sonde teen een van die gebooie en so meer.

Van hierdie bron kan ons ouderlinge met vrug gebruik maak.

8. DIE KERN VAN ELKE GESPREK - WAT DIT MOET WEES

Ons neem as een voorbeeld uit die skitterende werkie van dr. W.J. de Klerk, "Die Herder-ouderling", die gedeelte waar hy oor die ouderling se taak by die weduwee skryf:

9. DIE WEDUWEE

"Hierdie besoek maak ons ouderling senuweeagtig. Die gevoel van magteloosheid domineer, want die smart is so groot en woorde so swak om troos te bied. Terwyl die ouderling worstel om sy balsem oor haar te giet, kry hy die gevoel dat sy nie luister nie. Haar oë kyk verby hom en die dinge wat hy sê, klink skielik vir hom so gewoon en bekend.

As hy daar wegkom, is daar verligting want in daardie huis voel dit of jy in 'n vaal verlate sandwoestyn staan ... die wind ruk en gryp en klap en dwarrel dan mistroostig weg.

Dit is so jammer dat u so voel, broeder ouderling, want reeds die weduwee het u hulp so dringend nodig. Die Here wat die droefheid van hulle harte ken, het daarom gesê: "Reine en onbesmette godsdiens voor God en die Vader is dit: om wese en weduwees in hulle verdrukking te besoek..." God wil dat u haar gereeld moet gaan opsoek, sommer een maal per week solank die diep binnepyn nog in haar hart klop. Sy is eensaam, mense vermy haar en sy ondervind die dood as "'n skielike stilbly en 'n lang wegbly", soos 'n skrywer dit uitgedruk het.

Gaan, en kyk weer na die weduwee ... Sien jy hoe mooi sy is - die pyn in haar oë, die sagte stem, die sobere swart gewaad. Die smart bring ook skoonheid want dit bring die afhanklikheid en teerheid van die vrouehart na vore.

Luister na haar, broeder ouderling, want die weduwee wil veral in die begin haar hartseer uitpraat. Die mense is geneig om die geselskap weg te dwing na die alledaagse. Die groot weldaad wat jy haar kan bewys, is om te luister.

Sy wil praat oor haar man - jy moet saampraat.

Sy wil aan jou vertel wat haar man die vorige dag nog gesê het; hoe hy gesterwe het; presies hoe laat dit was; wat hy in sy jongjare gedoen het; sy liefde vir kinders; hoe lekker hy kon geëet het.

Hier het 'n aardse lewe verbygegaan ... ' Lewe vol aksie en drome en krisisse - sy wil daaroor praat. Moet haar nooit verhinder nie, want so gaan jy haar wonde nie verbind nie. Eers later as dit duidelik word dat sy op sieklike wyse met die dode saamlewe, moet jy ferm en sag die koers verander.

Jy moet ook met haar praat, broeder ouderling .... Baie eenvoudig en baie teer.

Vertel haar dat Jesus die dood met albei hande aan die bors gegryp het. Bring haar na Golgota - daar het die dood gesterwe en is die lewe gebore.

Vertel haar van die hemel met sy engelskare en volmaakte vrede.

Vertel haar dat haar man (as jy dit met vrymoedigheid kan doen) meer weet as die slimste op aarde, omdat hy God sien.

Lei haar drang na die weersien geleidelik weg na die hoofsaak van die hemel - die Godsgemeenskap.

Sy moet weet dat dit 'n leuen is dat haar man dood is.

Sy weet al hierdie dinge ... maar nou eers is dit vir haar 'n werklike blye boodskap.

Broeder ouderling .... neem die skerwe van haar gebroke siel na die Here en vra Hom soos 'n kind om haar te troos."